View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by University of Johannesburg Institutional Repository

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

**COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION**

creative commons

BY NC SA

- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.

- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.

- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

**How to cite this thesis**

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: University of Johannesburg. Retrieved from: https://ujdigispace.uj.ac.za (Accessed: Date).

G010
WAL

# DIE SKOOL EN EKSTERNE BETREKKINGE - 'N BESTUURSOPGAAF

deur

ABEL S. VAN DER WAL
B.A. B.Ed.

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: PROF. J.A.J. SMITH

NOVEMBER 1988

DANKBETUIGINGS

Met toegeneentheid wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone:

* Prof. J.A.J. Smith: Baie dankie vir u medemenslikheid en gewaardeerde opoffering. Dit was 'n besondere voorreg om hierdie skripsie onder u fyn akademies-gedissiplineerde leiding te kon skryf.
* My eggenote, Louise en die kinders: Julle belangstelling en aanmoediging het vir my baie beteken.
* Mev. P. Maree vir die tikwerk wat u onder groot druk op so 'n uiters bekwame wyse gedoen het. U vriendelikheid word opreg waardeer.
* Mej. R. Pretorius vir die vertaling van die opsomming.
* Aan die Biblioteekdienste van die Transvaalse Onderwysdepartement en die Randse Afrikaanse Universiteit vir hul hulpvaardigheid.

SOLI DEO GLORIA

**INHOUDSOPGAWE**

**BLADSY**

**HOOFSTUK 1**

**PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING EN DOELSTELLING**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING | 2 |
| 1.3 | DOEL VAN DIE ONDERSOEK | 4 |
| 1.4 | METODE | 5 |
| 1.5 | BEGRENSING VAN DIE TEMA | 5 |
| 1.6 | BEGRIPSVERHELDERING | 5 |
| 1.6.1 | Die skool | 5 |
| 1.6.2 | Eksterne betrekkinge | 6 |
| 1.6.3 | Gemeenskap | 6 |
| 1.6.4 | Bestuur | 7 |
| 1.7 | VERLOOP VAN STUDIE | 8 |


**HOOFSTUK 2**

**DIE BEELD VAN DIE SKOOL NA BUITE**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 9 |
| 2.2 | DIE WESE VAN EKSTERNE BETREKKINGE | 10 |
| 2.3 | DEELNEMERS IN DIE EKSTERNE BETREKKINGEPROGRAM | 12 |
| 2.3.1 | Skoolhoof | 12 |
| 2.3.2 | Onderwyser | 13 |
| 2.3.3 | Leerling | 14 |
| 2.3.4 | Ouer | 15 |
| 2.4 | ALGEMENE FAKTORE WAT EKSTERNE BETREKKINGE BEVORDER | 17 |
| 2.5 | SAMEVATTING | 17 |

BLADSY

HOOFSTUK 3

DIE AANWENDING VAN VERSKILLENDE KOMMUNIKASIEMIDDELE TER BEVORDERING VAN DIE SKOOL SE EKSTERNE BETREKKINGE


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 18 |
| 3.2 | EKSTERNE BETREKKINGE EN KOMMUNIKASIE MET DIE GEMEENSKAP | 19 |
| 3.3 | DIE IDENTIFISERING VAN SKAKELPUNTE | 20 |
| 3.4 | DIE ONTWERP EN GEBRUIK VAN SKAKELPROSEDURES | 22 |
| 3.4.1 | Mondelinge skakeling tussen die skool en gemeenskap | 23 |
| 3.4.1.1 | Telefoniese kontak | 24 |
| 3.4.1.2 | Gesprekke en persoonlike besoeke | 24 |
| 3.4.1.3 | Ouerbesoeke aan die skool | 24 |
| 3.4.1.4 | Ouerkomitees | 25 |
| 3.4.2 | Geskrewe skakeling tussen die skool en die gemeenskap | 25 |
| 3.4.2.1 | Briewe | 26 |
| 3.4.2.2 | Prospektus | 27 |
| 3.4.2.3 | Skoolkoerant/Jaarblad | 27 |
| 3.5 | SKAKELMEDIA | 28 |
| 3.5.1 | Pers | 28 |
| 3.5.2 | Radio en Televisie | 29 |
| 3.5.3 | Rolprente en Kleurskyfies | 29 |
| 3.5.4 | Uitstallings | 29 |
| 3.5.5 | Ondernemings en Tersiêre inrigtings | 29 |
| 3.5.6 | Gemeenskapsondersteuning | 30 |
| 3.6 | TERUGVOERING | 30 |
| 3.7 | SAMEVATTING | 31 |

BLADSY

**HOOFSTUK 4**

**DIE SKOOL SE AANDEEL IN DIE INISIëRING EN BEVORDERING VAN EKSTERNE BETREKKINGE**


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 32 |
| 4.2 | DIE AARD EN WESE VAN BESTUUR | 33 |
| 4.3 | EKSTERNE BETREKKINGE IS WESENLIK MENSEVERHOUDINGE | 33 |
| 4.3.1 | Die skoolhoof as inisieerder en bevorderaar van eksterne betrekkinge | 33 |
| 4.3.1.1 | Die skoolhoof as sleutelkommunikator | 36 |
| 4.3.2 | Die onderwyser en eksterne betrekkinge | 37 |
| 4.3.2.1 | *Verhouding met mede-onderwysers* | 38 |
| 4.3.2.2 | Verhouding met die leerling | 38 |
| 4.3.3 | Die leerling en eksterne betrekkinge | 39 |
| 4.4 | BASIESE RIGLYNE TER BEVORDERING VAN EKSTERNE BETREKKINGE | 39 |
| 4.5 | EVALUERING VAN DIE EKSTERNE BETREKKINGEPROGRAM | 41 |
| 4.6 | SAMEVATTING | 42 |


**HOOFSTUK 5**

**SAMEVATTING, BEVINDINGE, AANBEVELINGS**


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 44 |
| 5.2 | SAMEVATTING | 44 |
| 5.3 | BEVINDINGE | 45 |
| 5.4 | AANBEVELINGS | 46 |
| 5.5 | SLOTWOORD | 47 |

**RESUMé**

External relations is a product of the twentieth century and at school it should also be regarded as a worthy management concern, apart from other management functions.

The term **external relations** (public relations) needs to be closely defined. It refers to relations between an organisation (a school, in this instance) and all persons and institutions outside the organistaion. The organisation's attitude towards instances outside itself, is of the utmost importance. In this respect the school's task is important as it has to establish and maintain relations with the community.

The community's image of a school is either positive or negative depending on its experiences with the school. The contribution of participants to the external relations programme, i.e. principal, teacher, pupil and the community (especially the parent), is of cardinal importance. The principal is the key communicator and through effective management activities he has to establish the necessary communications network, to ensure community trust in the school. It is of utmost importance to inform all those concerned of school activities which concern them.

Dialogue strengthens public trust and promotes public participation. Due to this the school has to identify its most important relations (both internal and external), as it is necessary to maintain positive relations with certain persons and institutions. Oral and written communications procedures should be thoroughly utilised by the school to convey information concerning the school to parents and the community. A few guidelines for effective feed back, without which the school's external relations programme certainly won't succeed, are introduced.

Effective management is any organisation's key to success. The principal's influence in the inisiation, planning, implementing and execution of the external relations programme is of cardinal importance. An open climate should be created and the school should be characterised as being healthy. Therefore moving out, pupil participation in community projects and, above all, the principal's contact with community leaders are important.

The principal should continuously remind teachers and pupils of the importance of external relations. The relationships between principal and teacher and teacher and pupil cannot be disregarded as they definitely influence the image portrayed by the school and the promotion of external relations. Basic guidelines for successful communication with the community have to be set and each principal should evaluate these according to his school's specific situation.

Suggestions on how to promote awareness of the importance of external relations at school and in the community, are submitted. The principal and teacher must be equipped with the necessary knowledge of communication with the external community. The principal should realise the importance of external relations. It is a time consuming process which has to be maintained.

# H O O F S T U K   I

## PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING EN DOELSTELLING

### 1.1. INLEIDING

> *"If people around you are spitefull and callous and will not hear you, fall down before them and beg their forgiveness, for in truth you are to blame for their not wanting to hear you."* (Dostoyevski soos aangehaal deur Orlosky, Mc Cleary, Shapiro & Webb, 1984: 277).

Die funksie van eksterne betrekkinge tussen die skool en die gemeenskap het in die laaste paar dekades vinnig veld gewen as gevolg van die veranderende en veranderde tye waarin die mens leef. Die onderwys sal die uitdaging van dié geweldige toename aan nuwe kennis, vaardighede en tegnieke moet aanvaar en tred moet hou met die samelewingsveranderinge, indien dit enigsins die sleutel tot vooruitgang en ontwikkeling wil bly (Van der Stoep, 1982: 15). Die onderwys is 'n saak waarby elke lid van die gemeenskap en ook elke sosiale instelling daarbinne 'n intense belang het. Wat in die onderwys gebeur raak die ganse samelewing (Van Schalkwyk, 1983: 7).

Die skool moet dus na buite beweeg en die ouers en die gemeenskap rondom hom begin raaksien. Die skool sal terwyl hy aan sy struktuur as skool getrou bly, met die lewe rekening moet hou, en hy sal die mense wat toekomstig in daardie gemeenskap moet lewe, moet opvoed, en hulle vir die lewe gereed moet maak (Van der Walt, 1985: 130).

Eksterne betrekkinge is 'n produk van die twintigste eeu en volgens Barnard (1986(a): 9) het dit meer as ooit tevore nodig geword dat die skoolhoof ouers se belangstelling in skoolsake sal koördineer, dat hulle 'n positiewe en daadwerklike bydrae kan lewer in belang van die kind in die besonder en die skool in die algemeen.

Goeie betrekkinge tussen die skool en die gemeenskap kom nie vanself tot stand nie, maar dit verg harde werk en volgehoue toewyding om die betrekkinge daar te stel en in stand te hou. Cutlip, soos aangehaal deur

Barkhuizen (1982: 204) sien dit as 'n wisselwerking tussen die skool aan die een kant en die ouers en die gemeenskap aan die ander kant as hy beweer:

> *"Public relations, essentially, is establishing and maintaining a two-way flow of ideas and information that eventually achieves the harmonious adjustment of an institution to it's community."*

Ten einde te verseker dat eksterne betrekkinge voldoende en korrekte aandag in die skool ontvang, is dit noodsaaklik om te weet wat presies met eksterne betrekkinge bedoel word, hoekom dit belangrik is, en wat die doel en funksie daarvan is. Daar kan dus geen twyfel bestaan oor die belangrikheid en noodsaaklikheid van eksterne betrekkinge nie en dit moet as 'n volwaardige funksie saam met die ander funksies van die skool aanvaar word.

Teen die agtergrond van die voorafgaande inleidende opmerkings sal daar nou oorgegaan word tot 'n duideliker eksplisering van die onderhawige probleem.

## 1.2. PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING

Die voor-die-hand-liggende probleem wat tot die studie insake die skool en eksterne betrekkinge (openbare skakelwerk) aanleiding gee, is prakties van aard. Die vraag ontstaan dus hoe kan die skool sy houding of gesindheid teenoor die persone en instansies buite die skool verbeter en in stand hou. In die inleiding is daar reeds gemeld dat as gevolg van veranderinge in die samelewing daar besondere aandag aan 'n organisasie (en spesifiek die skool) se eksterne betrekkinge gegee moet word en dat dit inderdaad 'n bestuurs= opgaaf van die skoolhoof is.

Marx & Van Aswegen (1983: 344) verwys na eksterne betrekkinge as die doelbewuste, beplande en volgehoue pogings om 'n wedersydse verstandhouding tussen 'n onderneming en persone en instansies buite dié onderneming tot stand te bring en in stand te hou. In die onderhawige studie sal daar gepoog word om 'n antwoord te verstrek op hierdie vraag.

Die skool hou hom besig met sy eie professionele sake en die ouer en die breë gemeenskap staan daar buite en kom net so af en toe nader aan die skool, tydens 'n kermis, konsert, oueraand of iets dergeliks. Daar is dus 'n kloof tussen die skool aan die een kant en die ouers en breë gemeenskap aan die ander kant. Die gevolg hiervan is 'n toegespitste skool, een wat bysiende net met homself en sy taak besig is, en daaromheen 'n breë samelewing wat verleer om iets met die skool te doen te hê (Van der Walt, 1985: 128). Die skool moet dus na buite beweeg en die ouers en die gemeenskap rondom hom begin raaksien.

Die uitdaging word in die besonder aan die skoolhoof as organiseerder en opvoedkundige leier van die skool gerig, want die skoolhoof, onderwysers en leerlinge kan hulle nie losmaak van hul eie waardes en dié van hul eksterne omgewing nie (Landman, 1974: 97).

Meeste skoolhoofde besef die belangrikheid van 'n effektiewe skool=gemeenskap-kommunikasie sowel as volgehoue goeie eksterne betrekkinge. Ongelukkig, in te veel situasies, is die kommunikasie slegs vanaf die skool na die gemeenskap (met weinig terugvoering) - en die skool se eksterne betrekkingeprogram is juis om die skool se beeld te "verkoop" (Gorton, 1981: 365).

Die skoolhoof wat besorg is oor die beeld van sy skool, moet besef dat hy nie kan besluit om nie 'n eksterne-betrekkingeprogram te hê nie. Skoliere, ouers, die media en andere rapporteer gereeld oor die skoolgebeure, maar die skoolhoof kan verseker dat verslae of beriggewing wat vanuit die skool uitgaan, die positiewe in plaas van die negatiewe beeld van die skool uitdra (Armistead, 1982: 5).

Eksterne betrekkinge en beeldbou van die skool berus op doeltreffende en ondubbelsinnige kommunikasie. Dit gaan dus nie om die beeld wat die skool **DINK** dat hy aan die gemeenskap oordra nie, maar die boodskap wat die gemeenskap wel ontvang (Barnard, 1986(b): 365).

Vervolgens die doel van die onderhawige skripsie.

## 1.3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die studie beoog die volgende:

Primêr gaan dit om die beeld van die skool na buite te verbeter en om gesonde verhoudinge te stig. Sekondêr gaan dit om 'n bydrae te lewer tot die sukses van die skool.

Gorton (1981: 56) stel dit baie duidelik dat die skoolhoof in sy optrede teenoor die gemeenskap 'n program vir eksterne betrekkinge moet hê waarvolgens hy die doelstellings van sy betrekkinge op die beste manier kan bereik. Wat so 'n program behels en hoe dit funksioneer, kan deur verskillende skoolhoofde op verskillende maniere geïnterpreteer word.

Sommige skoolhoofde mag dink dat as hulle geen openlike teenstand ondervind nie, die skool se eksterne betrekkinge goed is. Daar mag ander redes wees vir die gemeenskap se passiwiteit, wat soms selfs skadeliker as openlike teenstand vir die skool kan wees. As daar geen terugvoering is, kan die skoolhoof nie seker wees of hy werklik sy doelstellings met sy eksterne-betrekkingeprogram bereik het nie (Barkhuizen, 1982: 210).

Die doel met die ondersoek is dus om die volgende aspekte kortliks te omlyn:

* die ontwikkeling van die beeld van die skool na buite
* deur gebruik te maak van doeltreffende kommunikasie om eksterne betrekkinge te bevorder, en
* die bestuur van skool-gemeenskapsverhoudinge en die skoolhoof, personeel en leerlinge se aandeel - deur die gebruikmaking van gesonde eksterne betrekkinge, kan al hoe meer kwalitatiewe ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid bewerkstellig word.

Talle frustasies en probleme rakende eksterne betrekkinge sal altyd in die toekoms oorkom moet word. As die hoof egter 'n sterk verbintenis daartoe, sowel as 'n breë visie van die potensiële nut van eksterne betrekkinge het, is 'n suksesvolle program van eksterne betrekkinge in die skool bereikbaar.

## 1.4. METODE

Literatuurstudie en ordening van begrippe, waarvan sommige ingeklee word uit die hand van eie ervaring, word as voldoende beskou.

## 1.5. BEGRENSING VAN DIE TEMA

Die studie dek die skool in sy totaliteit, dit wil sê: pre-primêr, primêr en sekondêr. Die beperking van die tema tot die skool as organisasie en sy funksie van eksterne betrekkinge, bring mee dat slegs oorsigtelike aandag aan die meeste aspekte gegee sal word en derhalwe word geen aanspraak op volledigheid gemaak nie.

## 1.6. BEGRIPSVERHELDERING

Om te begryp waar eksterne betrekkinge in die skoolsituasie inpas, is dit nodig om enkele begrippe nader te omskryf.

### 1.6.1. Die skool

Die begrip skool dui op 'n onderrig-leerplek, 'n oop stelsel wat gestig is om aan die onderwys- en opleidingsbehoeftes van 'n breë gemeenskap te voldoen (Barnard, 1986(b): 361). Die skool kan gesien word as 'n gemeenskap in 'n groter mensegemeenskap, hy bestaan nie in 'n lugleegte nie, maar is 'n integrale deel van die gemeenskap.

Die skool is 'n sosiale instelling wat hom bevind te midde van die kleiner sosiale instelling, die gesin, en die groter sosiale instellings van die gemeenskap en die staat. Tussen hierdie sosiale instellings is daar 'n wedersydse wisselwerking en elkeen het 'n spesifieke rol wat hy moet vervul ooreenkomstig sy betrokkenheid by instellings (Claassens, 1984: 344). Volgens Schoeman (1983: 96) is dit 'n samelewingsverband wat daargestel is om die normatiewe aktiwiteite van die opvoeding in 'n gewenste rigting te lei.

In hierdie studie gaan dit dus nie om 'n spesifieke skool nie, maar om die skool as organisasie, 'n instelling waarin die jeug die nodige liggaamlike en geestelike opvoeding ontvang.

### 1.6.2 Eksterne betrekkinge

Bogenoemde verwys na die betrekkinge tussen 'n organisasie en alle persone en instansies **BUITE** daardie organisasie. Dit word ook soms openbare betrekkinge of openbare skakelwerk genoem. Dit gaan dus om die houding van die organisasie teenoor persone en instansies buite die organisasie en andersom (Marx & Van Aswegen, 1983: 343 e.v..).

Goeie betrekkinge is nie net 'n verpligting van die skool nie, maar dit vereis die samewerking van die skool, die huis en die gemeenskap (Barkhuizen, 1982: 204).

Samevattend die volgende vier standpunte rakende eksterne betrekkinge:

* dit is 'n leefwyse van die skoolhoof en personeel in hul persoonlike verhouding tot mekaar, leerlinge, ouers en die breë gemeenskap
* dit is 'n beplande en kontinue reeks van aktiwiteite vir kommunikasie met die interne en eksterne publiek - terwyl die behoeftes, doelwitte en programme van die skool in gedagte gehou word
* dit bepaal verder wat die gemeenskap van die skool dink en die aspirasies wat hul koester vir die opvoeding van hul kinders, en
* laastens is dit die aktiewe betrokkenheid van die gemeenskap in die besluitnemingsproses van die skool om sodoende die nodige verbeteringe en veranderinge ten opsigte van die opvoedingsprogram te bewerkstelling (Kindred, Bagin & Gallagher, 1984: 13).

### 1.6.3. Gemeenskap

Die gemeenskap is 'n aantal individue wat 'n samehorige groep vorm. Die gemeenskap dui op 'n geografiese gebied om die skool of sy onmiddellike omgewing - dus persone binne 'n individuele skool se bedieningsgebied. "Gemeenskap" sou hier dus kan beteken die gemeenskap wat 'n betrokke skool dien (Barkhuizen, 1982: 191 e.v.).

* De Wet (1981: 187) meld tereg dat die skoolhoof in die uitvoering van sy taak, die meeste van die tyd in interaksie met mense is, op makro- en mesovlak, asook met lede van die **gemeenskap**.

Die gemeenskap kan vir hierdie studie in vier kategorieë omskryf word:

- **ouergemeenskap**: sluit die ouers van leerlinge in die skool in asook ouers van oud-leerlinge en toekomstige skoolouers
- **plaaslike gemeenskap**: behels afsonderlike individue en gesinne wat in 'n bepaalde geografiese gebied leef om hul gemeenskaplike welsyn en vooruitgang te verseker
- **breë gemeenskap**: sluit in die handel, nywerheid, staatsektor, kerk, sportklubs, ouers en algemene publiek
- **skoolgemeenskap**: kan gesien word as die vorm van gemeenskapslewe waarin skoolhoof, onderwysers, ouers en kinders saamwerk ten behoewe van die opvoedende onderwys en opleiding van die kind (Barnard, 1986(b): 361 e.v.).

### 1.6.4. Bestuur

Skool-gemeenskapsverhoudinge is 'n belangrike bestuursarea wat deur 'n persoon (i.c. die skoolhoof) in 'n gesagsposisie aan die hand van reëlbare take so beplan, georganiseer, leiding gegee en beheer word dat opvoedende onderwys daardeur bevorder word (Barnard, 1986(b): 366).

Dit word algemeen aanvaar dat goeie bestuur die sleutel tot die sukses van 'n organisasie is. Bestuur in die onderwys is nie beperk tot 'n enkele groep posisies nie, maar strek oor 'n wye spektrum van bestuursposisies wat direk gemoeid is met die onderwys (Peach, 1985: 11).

Dikwels val die klem op die bestuurstaak van die skoolhoof en in die basiese bestuursproses word vier bestuurstake onderskei (Marx & Van Aswegen, 1983: 53 e.v.; Van der Westhuizen, 1986: 129; De Wet, 1981: 45 e.v.).

* **Beplanning:** impliseer die doelbewuste besinning van die doelwitte, middele en aktiwiteite van die organisasie en die opstel van die geskikste plan vir die doeltreffende bereiking van die doelwitte.
* **Organisering:** is die handelende faset van bestuur wat mense en ander bronne en materiaal op 'n geordende en sistematiese en gestruktureerde wyse bymekaar bring ter bereiking van doelwitte op die doeltreffendste wyse.
* **Bevelvoering:** hierdeur word effektiewe leiding aan die gang gesit en aan die gang gehou, ten einde te verseker dat die uitvoering van die werk so doelmatig moontlik geskied.
* **Leidinggewing:** is die bestuurstaak waardeur die planne en/ of instruksies gekontroleer en gereguleer word, ooreenkomstig neergelegde planne, standaarde en doelwitte.

Die addisionele bestuursaktiwiteite van die skoolhoof is besluitneming, motivering, koördinering en dissiplinering. Kommunikasie is in al bogenoemde aktiwiteite van die uiterste belang.

Deur doeltreffende bestuur, en die nodige kommunikasienetwerke, moet die skoolhoof voortdurend sy vinger op die pols van eksterne betrekkinge hou.

## 1.7. VERLOOP VAN STUDIE

Die probleemstelling, motivering en doel met die studie is in **hoofstuk 1** gestel. In **hoofstuk 2** word beoog om die beeld van die skool van nader te ondersoek sowel as die ontwikkeling van goeie eksterne betrekkinge. In **hoofstuk 3** gaan die gebruik van doeltreffende kommunikasie tussen die skool en die gemeenskap nader toegelig word. In noue aansluiting by hierdie hoofstuk sal in **hoofstuk 4** gepoog word om die bestuur van skoolgemeenskapsverhoudinge te ondersoek, met spesifieke beklemtoning van die skoolhoof se aandeel in die daarstel van gesonde eksterne betrekkinge. Die skripsie word afgesluit met 'n kort samevatting van die vernaamste bevindings en aanbevelings in **hoofstuk 5**.

In hoofstuk 2 sal daar nou aandag gegee word aan die wese van eksterne betrekkinge en die belangrikste deelnemers in die eksterne betrekkingeprogram.

# HOOFSTUK II

## DIE BEELD VAN DIE SKOOL NA BUITE

### 2.1. INLEIDING

> *".....Sommige mense hoor gerugte van dinge wat gebeur het en vra: waarom dan?*
> *ander, daarenteen, droom van dinge wat nog nie bestaan nie en vra: waarom nie?"* (Dekker, 1986: 947).

Om gemeenskapsvertroue te bou vir die skool is een van die onderwys se grootste take - dit is ŉ ideaal, maar tog realiseerbaar. Die gemeenskap bou ŉ beeld van die skool op, gebaseer op hul ondervindinge met die skoolhoof, personeel en leerlinge. Elke keer wanneer daar met ŉ ouer of besoeker in gesprek getree word, of die wyse hoe die telefoon beantwoord word, is die geleentheid daar om gesonde eksterne betrekkinge te bevorder. Positiewe betrekkinge word beplan, afbrekende eksterne betrekkinge gebeur net (Armistead, 1982: 370 e.v.).

Om eksterne betrekkinge duidelik te omlyn, stel Gorton (1981: 378) die volgende:

* Om die opvoedkundige program aan lede van die gemeenskap te **"verkoop"**, sodat hulle trots op die skool sal wees en die skool sal ondersteun.
* Om die bestaande opvoedkundige program vir die gemeenskap te **interpreteer** en **bekend te stel**, sodat hulle ŉ beter begrip sal hê wat in die skool gedoen word en sodoende die skoolprogram sal steun.
* Om die gemeenskap se **belangstelling** in en **deelname** aan die skoolprogram aan te moedig.

In al bogenoemde gevalle moet waar moontlik die goeie sowel as swak hoedanighede van die skool openbaar gemaak word.

Die gemeenskap wil weet wat in die skool aangaan en neem vandag nie net meer die skoolhoof se woord dat dit goed gaan nie. Die skool word voortdurend geëvalueer en die eksterne gemeenskap kom met die skoolhoof, personeel en leerlinge in aanraking. Almal by die skool

moet dus goed op hoogte van die skoolprogram wees, sodat hulle positiewe feite rakende die skool aan die gemeenskap kan oordra.

Daar sal nou oorgegaan word tot 'n meer volledige bespreking van die wese van eksterne betrekkinge, die vernaamste deelnemers in die eksterne betrekkingeprogram en enkele faktore sal aangedui word wat eksterne betrekkinge moontlik kan verbeter.

## 2.2. DIE WESE VAN EKSTERNE BETREKKNGE

As 'n besoeker by die skool instap, voel hy die klimaat aan. Voel dit vir hom of sy besoek welkom is, of voel hy onwelkom? Kan hy die redes vir sy gevoelens weergee? (Berger, 1981:92). Hierdie vrae het 'n beslissende invloed op die besoeker en dit sal sy houding en gesindheid teenoor die skool, dienooreenkomstig beïnvloed.

Wanneer daar oor die wese van 'n skool besin word, is daar aspekte wat by alle skole aanwesig is, onder andere kinders, onderwysers en fisiese geriewe. Ten spyte van hierdie universeel-geldende aspekte vir alle skole, verbesonder elke skool hom op 'n unieke wyse. Enkele opvallende verskille wat 'n besoeker tussen skole kan opmerk is:

* die ingangshekke, die parkeerterrein en die pad wat dit verbind
* die tuin en uitleg van die terrein
* die gedrag van leerlinge tydens interskoolse byeenkomste
* die wyse waarop besoekende skole ontvang en na omgesien word en, nadat die funksie/byeenkoms afgehandel is, gegroet word
* die volgehoue prestasies van 'n skool
* die mate van toewyding, betrokkenheid en geesdrif van die personeel van die skool, en
* die algemene voorkoms van personeel, leerlinge, geboue en terrein (Du Toit, 1986: 97).

Alhoewel bogenoemde aspekte nie direk verwys na die primêre opdrag van die skool, naamlik opvoedende-onderrig nie, kan afleidings met betrekking tot die beeld van die skool met 'n redelike mate van betroubaarheid gemaak word. Die gewaarwordinge kan 'n positiewe of

negatiewe indruk op die mens maak en hierdie gewaarwordinge verwys na 'n bepaalde gees of atmosfeer of "persoonlikheid" van die skool wat die besoeker aanspreek (De Wet; 1981: 190).

Die aard van die beeld wat na buite gereflekteer word, sal sterk beïnvloed word deur faktore soos die skool se aktiwiteite en die "aard" van die gemeenskap wat by die skool belang het. Marx & Van Aswegen (1983: 346, e.v.) maak die volgende belangrike stellings:

* die beeld moet van so 'n aard wees dat dit niemand se misnoeë op die hals haal nie - die gemeenskap moet dus in die geheel tevrede gestel word (nie slegs die belange van sekere individue of groepe nie)
* die beeld moet sodanig verantwoordbaar wees dat dit die stigma van "winsbejag" (slegs fondsinsamelings) wat so dikwels aan skole kleef, probeer verwyder. Die gemeenskap moet die gevoel kry dat dit wat die skool bereik in die vorm van eer en fondse, welverdiend is en dat dit met reg die skool toekom
* die skool moet nie net in sy eie welvaart belang stel nie, maar ook in die welvaart van die gemeenskap en die land in geheel, en
* die skool moet daarvoor bekend wees dat hy dienste van hoë gehalte lewer - dus tot voordeel van die gemeenskap wil dien.

Met inagneming van bogenoemde feite en as die skool se integriteit en eerlikheid uit die eksterne betrekkinge blyk, is die kanse goed dat die skool deur die gemeenskap aanvaar sal word (Barkhuizen, 1982: 205; Janse van Vuuren, 1984: 51).

Bortner (Gorton, 1981: 380) meld voorts tereg dat die skool 'n keuse het tussen beplande en onbeplande eksterne betrekkinge, tussen die negering of ontwikkeling van 'n georganiseerde eksterne betrekkingeprogram, wat sodoende op sy beurt weer die gemeenskap se begrip en ondersteuning sal bevorder. Sekere vereistes moet dus nagekom word ten einde 'n gesonde eksterne betrekkingeprogram te formuleer. Die onderskeie groepe binne die opvoedingsgemeenskap moet besef dat daar 'n behoefte

aan 'n aktiewe en sistematiese program is en dan saamwerk om dit te laat slaag. Dit verg op sy beurt weer 'n deeglike beplanning en voorraadopname van die skool se huidige posisie, byvoorbeeld geskiedenis, tradisies en die huidige beleid om sodoende 'n beter diens te kan lewer. Kommunikasie mag in die proses misluk voor dit begin het, as die kommunikasiekanale tussen al die groepe nie oop is nie (Barkhuizen, 1982: 205).

Dit wil dus blyk dat 'n deurlopende program, wat 'n georganiseerde proses van tweerigting-kommunikasie behels om die skool deur alle beskikbare media aan die gemeenskap bekend te stel, sal lei tot 'n beter verstand= houding tussen die skool en die gemeenskap. Juis hierom sal daar nou meer aandag gegee word aan die verskillende deelnemers aan die eksterne betrekkingeprogram.

## 2.3. DEELNEMERS IN DIE EKSTERNE BETREKKINGEPROGRAM

### 2.3.1. Skoolhoof

Aangesien dit inderdaad 'n bestuursopgaaf van die skoolhoof is om gesonde betrekkinge tussen die gemeenskap en die skool daar te stel, sal die skoolhoof as deelnemer in die eksterne betrekkingeproses hier kortliks toegelig word en in hoofstuk 4 meer breedvoerig bespreek word.

Die gehalte van 'n skool word dikwels aan die deur van 'n skoolhoof gelê, maar hy kan nie alleen van 'n skool 'n "goeie" skool maak nie. Die skoolhoof ken gewoonlik die meeste ouers, onderwysers en leerlinge en hy moet probeer om die beste uit elkeen te haal, ten einde goeie opvoedkundige resultate te behaal en goeie onderlinge verhoudinge te skep. 'n Tevrede ouer en 'n gelukkige kind is altyd 'n goeie kombinasie vir die skoolhoof in sy eksterne betrekkingeprogram (Barkhuizen, 1982: 199).

Deur goeie onderrig kan openbare vertroue behou en openbare deelname aangemoedig word. Negatiewe sake kan nooit almal geëlimineer word nie, daarom moet die skoolhoof elke week 'n paar minute aan die eksterne betrekkingefunksie afstaan (Armistead, 1982: 8). Die bestuurstyl van die skoolhoof, sal die "klimaat" in die skool bepaal en juis dít kan eksterne betrekkinge óf positief óf negatief beïnvloed.

Die skoolhoof moet besef dat die sukses van sy eksterne betrekkingeprogram afhang van effektiewe kommunikasie en eerlike en realistiese rapportering van die skool se mislukkings en suksesse. Die skoolhoof wat vriendelik, belangstellend en entoesiasties is, behoort te kan staatmaak op almal wat hom in sy kommunikasietaak bystaan (Barkhuizen, 1982: 208; Gorton, 1981: 379).

Uiteraard is dit dus noodsaaklik dat die skoolhoof as sleutelfiguur in die eksterne betrekkingeproses:

* deeglike doelwitbeplanning moet doen
* 'n plan van aksie moet opstel, en
* personeelopleiding en -ontwikkeling ten opsigte van eksterne betrekkinge moet doen.

Voorts is dit belangrik dat die skoolhoof as bestuursleier en die topbestuur van die skool hul voortdurend sal vergewis van:

* wat hulle probeer doen
* hoe goed hulle dit doen, en
* hoe hulle kan verbeter (Orlosky, et al., 1984: 279).

Nie alleen die skoolhoof en die topbestuur nie maar ook die onderwyser speel 'n belangrike rol in die eksterne betrekkingeprogram.

### 2.3.2. Onderwyser

Anderson & Van Dyke (1963: 474) sien die onderwyser tereg as 'n baie belangrike deelnemer in die eksterne betrekkinge van die skool. Volgens hulle is die onderwyser die sleutelpersoon in skool-gemeenskapsverhoudinge. Die onderwyser is voortdurend besig om in sy daaglikse kontak met die leerlinge en lede van die gemeenskap positiewe gesindhede teenoor die skool te kweek.

In die professionele gedragskode van die onderwyser word sy strewe treffend soos volg saamgevat:

*"....Die onderwyser streef na hartlike samewerking met die ouers van die leerlinge wat onder sy sorg is en doen alles moontlik om die ouerlike gesag te handhaaf, om die vertroue van die leerlinge in sy ouerhuis te bevorder en om die ouers voldoende op die hoogte te hou met die vordering van hul kind* (Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1983(b): 28).

In hierdie opsig beweer Reeves(1962: 260) tereg dat alle aspekte van die eksterne betrekkingeprogram belangrik is, maar die mees belangrike is die rol van die onderwyser. Sy woorde en dade het 'n groter invloed op die kind as enige ander aktiwiteit. Juis daarom moet die onderwyser te alle tye deeglik bewus wees van wat hy sê en doen, want dit het weer op sy beurt 'n uitwerking op die skool-gemeenskapsverhoudinge sowel as op eksterne betrekkinge.

Die mate waarin die onderwyser op hierdie terrein slaag om wedersydse vertroue en toeganklikheid te bewerkstellig, sal bepaal tot watter mate die beeld van die skool in die ouerhuis en gemeenskap gestalte sal kry.

Die leerlinge dra ook besliste indrukke van die skool huis toe en daarom moet sy aandeel in die skool se eksterne betrekkingeprogram beklemtoon word.

### 2.3.3. Leerling

Vir die skool is die geleentheid dikwels nie daar vir kleuradvertensies in tydskrifte, volbladadvertensies in koerante of handels- en nuusflitse op televisie om op dié wyse die skool se beeld uit te dra nie. Die skool het wel 'n hulpmiddel waaroor baie nie beskik nie en dit is onderwysers, ouers en leerlinge wat elkeen 'n verbintenis met die skool het (Armistead, 1982: 33).

Die leerlinge moet derhalwe nie onderskat word in die uitdra van die beeld van die skool na die gemeenskap nie. Wanneer die leerling die skool verteenwoordig, hetsy by sportgeleenthede, musiek- en kultuuraande of deur deelname aan gemeenskaps- en volksprojekte, verpersoonlik hul die skool in die gemeenskap (Kindred, et. al., 1984: 127 e.v.).

Die kind hou die ouer voortdurend op hoogte met die skoolgebeure. Alhoewel hierdie inligting dikwels subjektief van aard is, is dit belangrike bydraende inligting om 'n bepaalde beeld van die skool tuis te skep (Janse van Vuuren, 1984: 52). Daar is voldoende empiriese bewyse dat volgehoue kommunikasie tussen ouer, onderwyser en leerling die beeld van die skool na buite positief beïnvloed (Chamberlain & Kindred, 1966: 391; Barnard, 1981: 297). Maree (1985: 5) beweer tereg dat kinders wat weet dat hul ouers intens en opreg in hul onderwys belangstel, 'n groot mate van sekuriteit en stabiliteit ondervind.

### 2.3.4. Ouer

Die ouer van vandag is oor die algemeen nie toegerus vir die gekompliseerde eise wat die opvoeding en onderwys van sy kind aan hom stel nie. Die beeld wat die ouer van sy skool het, bepaal sy belangstellingsgraad. Ten spyte van 'n onverskilligheid, onbetrokkenheid of apatie van die ouer jeens die skool, waarvan so baie gelees en gehoor word, of as gevolg van negatiewe ondervindings met die skool, is dit 'n noodsaaklike deel van die skool se taak om die ouer gedurig met skoolse gebeure op hoogte te hou. Die ouer moet dus by die totaliteit van die skoollewe betrek word (Berger, 1981: 92; Dekker, 1986: 950; Duvenhage, 1983: 373).

Geen ouer wil met 'n swak skool geassosieer word nie. Solank die meerderheid ouers in die skool glo, sal sporadiese aanvalle deur antagonistiese groepe nie daarin slaag om afbreuk aan die opvoedings=program en beeld van die skool te doen nie. Indien die simptome daar is, moet die skoolhoof na die oorsake soek en nie die simptome slegs bestry nie (Barkhuizen, 1982: 200). Gorton (1981: 353) beweer tereg in hierdie opsig dat:

> *".....the best time to obtain community input is before a problem reaches the crisis stage, not at the point of crisis".*

In die meeste gevalle wil die ouer weet wat in die skool aangaan: die organisasie, kurrikulum, beleid, probleme, onderwystegnieke, skoolhulpdienste, onderwysers, evaluering van die kind en die skool se verwagtinge van die kind. Die volle openbaring van hierdie aangeleenthede is nie alleen goeie beleid nie, maar ook goeie eksterne

betrekkinge (Barkhuizen, 1982: 212). Die inligting wat die skool aan die ouer oordra, behoort objektief te wees sodat hy sy eie interpretasie daaraan kan heg.

Die ouer kan op 'n kontinuum as volg voorgestel word:

* die ouer wat die skool te alle tye vermy (onder andere as gevolg van swak ondervindings met die skool)
* die ouer wat aanmoediging nodig het om die skool te besoek (onder andere as gevolg van swak vordering by die kind)
* die ouer wat geredelik reageer wanneer hy uitgenooi word
* die ouer wat daarvan hou om die skool te besoek, asook om betrokke te raak in die opvoedingsproses
* die ouer wat ooraktief is en wat sy invloed laat geld - dit beteken nie dat die soewereiniteit en professionele ingesteldheid van die onderwyser aangetas word nie (Berger, 1981: 92 e.v.).

Kinders ervaar die sinvolheid van die skool na die mate waarin die ouer belangstelling daarin en in hom as leerling toon. Die ouer moet dus die geleentheid om sy belangstelling te toon ten volle benut (SAOR, 1983(a): 14). Die oorgrote meerderheid ouers beskou die onderwyser as die welwillende vennoot in die onderwys en opvoeding van sy kind en soek slegs samewerking (Maree, 1985: 8). Hymes (Berger, 1981: 92) sê tereg:

> *".....to praise the child, is to praise the parent*
> *To critisize the child is to hit the parent*
> *The two are two, but the two are one".*

Die skool se taak is dus om die ouer te "ontmoet" en geen "advertensie" deur die skool kan 'n stewige opvoedkundige program vervang nie. Daarom moet die beeld wat die ouer van die skool het deurwerk na alle vlakke van die gemeenskap.

Enkele faktore wat eksterne betrekkinge bevorder sal nou kortliks toegelig word.

## 2.4. ALGEMENE FAKTORE WAT EKSTERNE BETREKKINGE BEVORDER

Dikwels is dit die klein dingetjies wat die ouer en die gemeenskap tot meelewing in die skoolaktiwiteite motiveer. Baie van die ondergenoemde faktore verg min tyd van die skoolhoof en onderwysers en dit vra dikwels net 'n klein bietjie meer oplettendheid, aanvoeling, wakkerheid en styl. Kindred (Barnard, 1986(a): 14; Gorton, 1981: 379) noem enkele voorbeelde:

* Is daar die nodige aanwysingsborde by die skool sodat die ouer/besoeker maklik die administratiewe kantoor of die skoolhoof se kantoor kan kry?
* Is daar 'n gerieflike sitplek wanneer die ouer/besoeker vir die hoof of onderwyser moet wag?
* Is dit tweede natuur by onderwyser, leerlinge en administratiewe personeel om aan 'n besoeker te vra of hulle hom kan help?
* Skryf nuwe ouers hul kinders maar net by die sekretaresse in, of is daar iemand (nie noodwendig die skoolhoof) wat die ouer verwelkom of hom die skool wys en aan hom 'n ouerhandleiding gee?
* Stap iemand na 'n afspraak saam met die ouer of besoeker?

Ondervinding leer dat ouers die doeltreffendste by die skool betrek word as daar 'n gees van hartlike samewerking tussen die skool en die gemeenskap heers, asook deur persoonlike belangstelling en wanneer daar met 'n gevoel van warmte gekommunikeer word. Slegs enkele gedagtes is hierbo vermeld en daar sal breedvoeriger in hoofstukke 3 en 4 hierop uitgebrei word.

## 2.5. SAMEVATTING

Daar is gepoog om 'n teoretiese fundering te gee van die beeld van die skcol na buite en die deelnemers in die eksterne betrekkingeprogram. Elkeen van dié groepe wat skematies ontleed is, het getoon dat eksterne betrekkinge deeglike beplanning vereis om dit tot stand te bring en in stand te hou.

Vervolgens word in hoofstuk 3 gefokus op die aanwending van verskillende kommunikasiemiddele ter bevordering van eksterne betrekkinge.

# H O O F S T U K   III

## DIE AANWENDING VAN VERSKILLENDE KOMMUNIKASIEMIDDELE TER BEVORDERING VAN DIE SKOOL SE EKSTERNE BETREKKINGE

### 3.1. INLEIDING

Die belangrikste deelnemers in die eksterne betrekkingeprogram van die skool is in hoofstuk 2 kortliks omlyn en vervolgens word die aandag gefokus op die aanwending van enkele kommunikasiemiddele ter bevordering van die skool se eksterne betrekkinge.

Voordat aandag gegee word aan die middele ter verbetering van die skool se eksterne betrekkingeprogram, is dit nodig om die begrip kommunikasie kortliks te omskryf. Kommunikasie as bestuursopgaaf in die skool is al deeglik in die literatuur ondersoek en beskryf en daarom word volstaan met die definisie van Marx & Van Aswegen (1983: 86):

> *"Kommunikasie is die oordrag op enige moontlike manier van enige soort boodskap tussen enige individue of groepe persone binne 'n onderneming wat betrekking het op die aktiwiteite binne of buite die werksituasie, ter verbetering van die verhoudinge tussen daardie individue en of groepe".*

Die rede vir doeltreffende kommunikasie moet gesoek word in die goeie werking van die onderneming (in hierdie geval die skool) om sodoende opvoedende onderwys te bevorder (Reynders, 1977: 108).

Om groter duidelikheid te verkry oor die mikpunt van die skool met sy eksterne betrekkingeprogram en maniere om dit te bereik, kan onderstaande vrae as riglyne dien:

* wat is die doel van die kommunikasie?
* watter inligting moet versend word en watter inligting word benodig?
* wie is verantwoordelik daarvoor om die inligting te stuur en wie moet dit ontvang?
* op welke wyse moet die inligting versend word?
* watter kenmerke moet die kommunikasie besit om doeltreffend te wees?

* wat is die beste tyd om die inligting te stuur, en
* wat is met die kommunikasie bereik, watter steurnisse was teenwoordig en hoe kan die kommunikasie verbeter word? (Barkhuizen, 1982: 206).

Eksterne betrekkinge gaan nie op goeie geluk af nie, maar moet deeglik beplan en deur die skool geïnisieer word. Bortner (Gorton, 1981: 380) beweer stellig tereg dat die skool 'n keuse het tussen beplande en onbeplande eksterne betrekkinge, tussen veronagsaming of ontwikkeling van 'n georganiseerde eksterne-betrekkingeprogram, wat daarop gemik is om die gemeenskap se begrip en ondersteuning in die skool te verhoog.

In hierdie hoofstuk word agtereenvolgens aandag aan die volgende aspekte gegee: kommunikasie met die gemeenskap, die identifisering van skakelpunte en gebruik van skakelprosedures en skakelmedia in belang van die skool.

## 3.2. EKSTERNE BETREKKINGE EN KOMMUNIKASIE MET DIE GEMEENSKAP

Die primêre doelwit met eksterne betrekkinge is die bevordering van die onderwys van die kind. Daar is ook onmiddellike doelwitte wat die gemeenskap raak en die volgende raakpunte kan genoem word:

* ontwikkel intelligente gemeenskapsbegrip vir die skool in al sy fasette
* bepaal hoe die gemeenskap oor die skool voel
* verseker voldoende finansiële steun vir die opvoedkundige program
* maak die gemeenskap bewus van 'n meer direkte verantwoordelikheid vir die kwaliteit van onderwys wat die skool voorsien
* verkry die agting, respek en vertroue van die gemeenskap in die personeel en die dienste wat hul lewer, en
* laastens moet die gemeenskap betrokke raak by die skool en help om onderwysprobleme die hoof te bied (Chamberlain & Kindred, 1966: 391).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die verwagtinge, dat die ouer weet wat sy verpligtinge teenoor die skool is, te idealisties is en dit hou dikwels nie tred met die werklikheid nie. Doelmatige kommunikasie met die (ouer-)gemeenskap bly 'n belangrike funksie van die skool en die skoolhoof moet sy personeel skool in die grondliggende voorvereistes vir sinvolle kommunikasie met die gemeenskap. Enkele hiervan is die volgende:

- **wedersydse vertroue** beteken dat die skool en die ouerhuis mekaar sal aanvaar en dat die een nie op die ander se opvoedingsterrein sal oortree nie
- **wedersydse begrip** beteken die aanvaarding van mekaar se goeie bedoelinge
- **wedersydse agting** en **respek** beteken dat elkeen se individualiteit gerespekteer sal word en dat ouer en onderwyser as menswaardige bondgenote sal funksioneer
- **openhartigheid** kom daarop neer dat die ouer en onderwyser met vrymoedigheid met mekaar sal kommunikeer oor sake rakende die kind, en
- **eerlikheid** dui daarop dat die ouer en onderwyser geensins inligting rakende die kind van mekaar sal weerhou nie (Barnard, 1986(a): 9 - 10 ; Armistead, 1982: 33; Barkhuizen, 1982: 215; Dekker, 1986: 951; Scholtz, 1973: 56).

Dit is dus duidelik dat opvoeders die verwagtinge en behoeftes van die gemeenskap moet ken en daarenteen moet die skool die nodige ondersteuning kry van diegene wat hy bedien. Skole gebruik dan ook verskillende metodes om betrekkinge met die gemeenskap aan te knoop en in stand te hou en vervolgens word die klem geplaas op die identifisering en ontwerp van skakelpunte en skakelprosedures.

## 3.3. DIE IDENTIFISERING VAN SKAKELPUNTE

Die gemeenskap waarin die skool gesetel is, kan basies verdeel word in die ekonomiese gemeenskap as die werkgewer, die sosiale gemeenskap as die ouers, kerke en breë publiek (Idenburg, 1971: 114, e.v.). So is daar dan ook twee groepe kommunikeerders waarmee rekening gehou moet word:

* die interne persone in die skool, onder andere: die skoolhoof, personeel, leerlinge, ouers, administratiewe personeel en betrokkenes van die onderwysdepartement, en
* die eksterne gemeenskap waaronder die volgende genoem kan word: volwassenes wat nog nie kinders op skool het nie, kerk, die stadsraad, joernaliste, ondernemings en besigheidsleiers (Armistead, 1982: 9).

Dit vloei dus logies hieruit dat daar vir die skool spesifieke persone (individue en/of groepe) en instansies is met wie goeie betrekkinge gehandhaaf moet word. Hierdie persone en instansies word skakelpunte genoem, omdat daar met hulle geskakel moet word, ten einde die skool se eksterne betrekkinge ten goede te beïnvloed (Kindred, et al., 1984: 19; Marx & Van Aswegen, 1983: 348). In skoolverband kan hier gedink word aan:

* die gemeenskap (wat onder andere die ouerhuis, tersiêre inrigtings en ander skole insluit)
* die kerk, en
* die bedryf (ondernemings).

Die skakeling met die gemeenskap is reeds in 2.3.1 p. 12 bespreek, maar die volgende oogmerke met kommunikasie tussen die skool en ander instellings of individue kan net weer beklemtoon word:

* om die gemeenskap van inligting te voorsien aangaande die skool
* om gemeenskapsvertroue in die skool te wek
* om ondersteuning vir die skool te verkry
* om die waarde van onderwys en opvoeding by die gemeenskap tuis te bring
* om by te dra tot die evaluering van die skool deur die gemeenskap, en
* om die goeie gesindheid tussen die skool en die gemeenskap daar te stel (Bernard, 1981: 146 e.v.; Van Buuren, 1979: 137).

In die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het die **kerk** slegs indirekte inspraak in die onderwys. Onderwysers, ouers en leerlinge behoort meestal dan ook aan een of ander kerkgenootskap. Op grond van die mens se geloof wat alle terreine deurdring, maak die kerk dus deur middel van sy lidmate, insette in die onderwys. Kontinuïteit en samewerking tussen hierdie twee instellings is van wesenlike belang (Van Schalkwyk, 1981: 129 e.v.; Barnard, 1986(b): 382).

Die vraag kan vervolgens tereg gevra word wat verwag die oorgrote meerderheid ouers en die **bedryf** (maatskappy) van die skool? Is dit net "produkte" wat in die nywerheid kan gaan werk as boekhouers en tiksters? Is sekondêre skole se mikpunt nie net dalk akademiese prestasie ten alle koste nie? (Scholtz, 1973: 45). Hierin het die skool ook 'n grootse taak om die leerling deeglik voor te berei om sy plek in die ekonomie en samelewing vol te staan.

Vervolgens word die klem verskuif na die verskillende skakelprosedures tot die skool se beskikking in sy eksterne betrekkingefunksie.

## 3.4. DIE ONTWERP EN GEBRUIK VAN SKAKELPROSEDURES

As die stelling waar sou wees dat die ouers hoofsaaklik inligting rakende die skool, slegs deur middel van die kind verkry, skort daar iets drasties met die skool se kommunikasienetwerk.

Dit is duidelik dat die skoolhoof die gemeenskap moet ken en verstaan (Kyk 3.2 p.19), alvorens hy die **metode** oorweeg om suksesvol met hulle te kommunikeer (Barkhuizen, 1982: 196). Watter **middels** van kommunikasie aangewend word, sal van die skool en sy omstandighede afhang, maar elke skool behoort 'n minimum program te volg soos uiteengesit in paragrawe 3.4.1 en 3.4.2 p. 23 e.v. Dié kommunikasiemiddele wat aangewend word, hou elkeen sy eie voor- en nadele in en kan aanvullend tot mekaar gebruik word (Barkhuizen, 1982: 238).

Die skakelprosedures kan basies in die volgende stappe ingedeel word:

* maak eerstens 'n **volledige opname** van alle moontlike skakelpunte

* **bestudeer** die skakelpunte deeglik en **klassifiseer** hulle volgens die belangrikheid vir die skool
* stel 'n **plan van aksie** op waar die goue reël van die groots moontlike doeltreffendheid, teen die laags moontlike koste in gedagte gehou word
* besluit hoeveel **aandag** aan elke skakelpunt geskenk moet word, met ander woorde weekliks, maandeliks of kwartaalliks, en
* skenk ook aandag aan die **aard** van die inligting wat oorgedra moet word, sowel as die **skakelmedia** wat gebruik gaan word (Marx & Van Aswegen, 1983: 348 & 349; Armistead, 1982: 6 e.v.).

Uiteraard kan daar sonder vrees vir teenspraak beweer word dat die skakeling met die eksterne gemeenskap (hetsy geskrewe of gesproke) ter uitbouing van die beeld van die skool nooit oorbeklemtoon kan word nie (Dekker, 1986: 954).

Die belangrikste mondelinge- en skriftelike skakelprosedures word nou kortliks toegelig.

### 3.4.1. Mondelinge skakeling tussen die skool en die gemeenskap

Doeltreffende kommunikasie lei tot beter samewerking en werk bevrugtend in op die interne skoolorganisasie asook op die skool se posisie in die gemeenskap. Dekker (1986: 962) meld dat die grootste gedeelte van hierdie kommunikasie mondeling geskied, omdat:

* dit in 'n groter verskeidenheid vorms voorkom as skriftelike kommunikasie
* gesprekvoering vinniger en ekonomieser plaasvind
* tweerigtingkommunikasie daardeur moontlik gemaak word
* dit 'n persoonlike karakter het
* iemand makliker deur gesprekvoering positief beïnvloed en oortuig kan word, en
* onmiddellike terugvoering kan geskied.

Die volgende mondelinge kommunikasiemiddele kan effektief vir die skool aangewend word:

### 3.4.1.1. Telefoniese kontak

Vir die skool is telefoniese kontak met die ouers, die breë publiek en ander instansies, byvoorbeeld bestuurders van besighede, myne, die stadsklerk en gemeenskapsleiers van groot belang. Elke keer wanneer 'n werknemer by die skool die telefoon optel om met iemand te praat, speel hy of sy 'n belangrike rol ter bevordering van eksterne betrekkinge (Van Buuren, 1979: 131; Kindred, et al., 1984: 174.)

Die hantering van telefoonoproepe van en na die skool (veral rakende die kind) moet taktvol en met goeie oordeel gebruik word. Die telefoongedrag van die administratiewe personeel is hier van uiterste belang. Word die gesprek op 'n positiewe noot begin of is daar 'n gedurige wag of besettoon? Indien die telefoniese oproep na die ouers slegs gebruik word as daar iets verkeerd loop met die kind, kan dit betrekkinge versuur (Chamberlain & Kindred, 1966: 398; Kindred et al., 1984: 174).

### 3.4.1.2. Gesprekke en persoonlike besoeke

Skriftelike kommunikasie na buite is meestal duidelik, maar gesprekke, onderhoude en persoonlike besoeke is dikwels tydrowend. Die beste kommunikasie is die persoon-tot-persoon gesprek waar tweerigtingkommunikasie moontlik is (Barkhuizen, 1982: 248). Die skoolhoof en personeel moet nie huiwer om indien die geleentheid hom voordoen, besoeke aan invloedryke persone te bring nie. Hier word gedink aan munisipale amptenare, bestuurders van groot ondernemings, uitnodigings na tersiêre inrigtings, buurskole, ensovoorts. Dit moet nie gesien word as bedeltogte nie, maar hier gaan dit om die skoolhoof en personeel se direkte beïnvloedende optrede. Elkeen van hierdie ontmoetings bied 'n geleentheid ter ondersteuning van die skool se eksterne betrekkingeprogram (Kindred et al., 1984: 21; Peach, 1985: 34; Armistead, 1982: 7).

### 3.4.1.3. Ouerbesoeke aan die skool

Ouerbesoeke aan die skool is van onskatbare waarde en hier moet die skool weer eens die inisiatief neem. Die ouers woon funksies, uitstallings, feesvierings, sportbyeenkomste en kurrikulêre bedrywighede by die skool by. Tydens hierdie besoeke neem hulle sekere dinge waar, wat óf hulle

idee van die skool versterk, óf hulle 'n ander gesigspunt aangaande die skool gee. Die skoolhoof en personeel moet daarop bedag wees dat besoekers by die skool die skool voortdurend evalueer (Barnard, 1986(a): 12; Barkhuizen, 1982: 257).

Dit het beslis tyd geword dat die skool aan nuwe en kreatiewe metodes moet dink om die ouer saam met die leerling by die skool te betrek. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan vakuitstallings of om 'n oueraand met 'n orkesoptrede deur die leerlinge te begin. Sodoende word die beeld van die skool uitgebou.

### 3.4.1.4. Ouerkomitees

Hier word gedink aan Bestuursrade, TAO, Ouer-sportkomitees en ondersteunersklubs. Die waarde van hierdie komitees is dat dit 'n sinvolle kommunikasiekanaal tussen die skool en die ouers skep. Hier is dit ook die verantwoordelikheid van besliste leiers uit die ouergemeenskap om die gebrekkige belangstelling wat dikwels in baie skole heers, doelbewus te omskep in positiewe betrekkinge met die skool (De Langen, 1981: 83). Dit bly egter die taak van die skool om dié leiers in die ouergemeenskap uit te ken en te motiveer om positiewe betrekkinge met die skool daar te stel.

Ouers kry ook so die geleentheid om spesifieke dienste aan die skool te lewer, byvoorbeeld help met grondverskuiwings vir die sportvelde, 'n tuinkenner kan help met die uitlê van die skooltuin of 'n goeie sportman/-vrou kan help met sportafrigting. Ouers wat aan skoolaktiwiteite deelneem ondervind dat hulle 'n werklike bydrae tot hul gemeenskap en die skool lewer (Barnard, 1986(a): 13; Scholtz, 1973: 59; Kindred, et al., 1984: 139).

### 3.4.2. Geskrewe skakeling tussen die skool en die gemeenskap

Geskrewe kommunikasiemiddele is 'n goeie metode om inligting rakende die skool aan die ouers en gemeenskap deur te gee. Die meeste skoolhoofde gebruik die geskrewe woord om met die eksterne gemeenskap te kommunikeer. Sommige middele word op 'n gereelde grondslag gebruik en ander slegs weer tydens spesiale aangeleenthede.

Die formaat van die inligting wat die huis en die gemeenskap bereik en die tikwerk en kwaliteit van reproduksie moet bevorderlik wees om die leser te stimuleer om die boodskap te lees. Die geskrewe woord moet te alle tye duidelik, verstaanbaar en eenvoudig wees (Van Schalkwyk, 1983: 83; Gorton, 1981: 371).

Die onderstaande geskrewe kommunikasiemiddele is onder andere tot die beskikking van die skool in sy eksterne betrekkingeprogram:

### 3.4.2.1. Briewe

Die gereeldheid van persoonlike briewe of nuusbriewe verskil van skcol tot skool. Die trant van die briewe moet vriendelik en positief wees en kritiek en teregwysings moet op 'n ander wyse aan die ouers oorgedra word, anders kan goeie eksterne betrekkinge vertroebel word (Barkhuizen, 1982: 242). Die samestelling van 'n nuusbrief of omsendbrief aan die ouer verg tyd en moeite, maar die lojaliteit en eenheidsband tussen die skool en die ouer kan alleen hierdeur versterk word (Bernard, 1981: 147).

Persoonlike briewe aan die ouers handel dikwels oor probleme, onbevredigende werk en dissipline. Ouers behoort ook positiewe briewe rakende hul kind te ontvang. Dit is dikwels nie wat die skoolhoof skryf wat belangrik is nie, maar wat die ouers lees en daaronder begryp (Dekker, 1986: 959; Kindred et al., 1984: 141).

Haigh (Barkhuizen, 1982: 244) noem 'n paar vereistes waaraan aandag gegee moet word in die ontwerp en samestelling van sodanige briewe:

* dit moet aantreklik en goedversorgd wees
* die inhoud moet feitelik waar wees
* sorg moet gedra word dat die ontwerp en uitleg duidelik is
* te veel inligting moet nie op 'n keer deurgegee word nie
* te veel vrae moet nie op 'n afskeurstrokie gevra word nie, en
* daar moet nie aanhoudend gekla of geld gevra word nie (Van Schalkwyk, 1983: 83; Armistead, 1982: 18).

### 3.4.2.2. Prospektus

Basiese inligting omtrent die skool wat die noodsaaklikste inligting bevat, kan kommunikasie tussen die skool en gemeenskap verbeter. Die waarde van so 'n handleiding is onder andere:

* om onnodige misverstand uit die weg te ruim
* dit bespaar die skool en ouer tyd en koste om standaardinligting rakende die skool te bekom (Barkhuizen, 1982: 241)
* onderwysers tree eenvormig op en dit gee hulle terselfdertyd 'n goeie verwysingsraamwerk in hul skakeling met die ouergemeenskap, en
* die ouer en kind weet presies wat om van die skool te verwag (Barnard, 1986(a): 13).

Die prospektus is veral nuttig om "nuwe" ouers gou op hoogte van die algemene sake in verband met die skool se werksaamhede, eienskappe en algemene reëls te bring (Van Schalkwyk, 1983: 83; Dekker, 1986: 959). 'n Goedversorgde prospektus dra beslis die beeld van die skool na die ouer en breë gemeenskap uit.

### 3.4.2.3. Skoolkoerant/Jaarblad

In die verspreiding van inligting neem die leerling (in samewerking met die personeel) 'n groot aandeel deur die uitgee van 'n skoolkoerant of jaarblad. Bydraes hierin opgeneem moet die skool positief belig ten einde die steun van die gemeenskap te verkry (Barkhuizen, 1982: 243). Indien dit gereeld uitgegee word, goedversorg is en 'n wye spektrum van die skool se werksaamhede dek, gee dit 'n gebalanseerde beeld van die skoollewe en hoe die skool funksioneer (Van Schalkwyk, 1983: 83; Chamberlain & Kindred, 1966: 397; Kindred, et al., 1984: 263).

Die belangrikste skakelmedia om die eksterne gemeenskap doeltreffend te bereik word vervolgens toegelig.

## 3.5. SKAKELMEDIA

'n Verskeidenheid skakelmedia wat elk sy eie kenmerke en aanwendingsmoontlikhede het en wat vir verskillende groepe, persone en instansies gebruik kan word, is tot beskikking van die skool. Die belangrikste van hierdie media sal kortliks toegelig word:

### 3.5.1. Pers

Elke skool gee nuusdekking aan die skoolgemeenskap deur middel van een of ander publikasie, byvoorbeeld die skoolkoerant, jaarblad of die plaaslike koerant. Onderstaande is potensiële "stories" wat die beeld van die skool kan bevorder, indien dit by die skool gebeur:

* enige saak waarin 'n leerling presteer
* nuwe maniere van onderrig, byvoorbeeld die gebruik van die rekenaar in die klaskamer
* visuele rapportering van gebeure, byvoorbeeld 'n geskiedenis- of kunsuitstalling
* senior burgers se betrokkenheid by die skool, byvoorbeeld die aanbied van 'n ete vir hulle
* besoeke van groepe of uitruilstudente aan die skool
* leerlingdeelname aan die stadsraad
* leerlinge se betrokkenheid in die gemeenskap en optrede tydens feeste, en
* ouerbetrokkeneheid - wat die Ouervereniging by die skool doen (Marx & Van Aswegen, 1983: 349 e.v.; Armistead, 1982: 17).

Ongelukkig is betrekkinge tussen die skoolhoof en die nuusmedia dikwels gelaai met suspisie en agterdog. Noue kontak moet met verslaggewers gesoek en opgebou word, sodat positiewe beriggewing oor skoolse aangeleenthede, soos sport en akademiese uitslae, personeelaanstellings en skoolfunksies gerapporteer kan word (Barnard, 1986(b): 386; Peach, 1985: 32; Gorton, 1981: 374; Van Buuren, 1979: 141; Kindred, et al., 1984: 214).

### 3.5.2. Radio en Televisie

Hierdie massakommunikasiemedia word nog betreklik min in Suid-Afrikaanse skole gebruik. Alhoewel nie onmoontlik nie, is dit moeilik om die skool se beeld deur middel van hierdie media uit te dra (Armistead, 1982: 17; Barkhuizen, 1982: 59).

### 3.5.3. Rolprente en Kleurskyfies

Die samestelling van rolprente, video-opnames of 'n skyfieprogram, wat verskillende aspekte van die skool uitbeeld, kan nuttig gebruik word tydens ouerbesoeke aan die skool (Marx & Van Aswegen, 1983: 350; Peach, 1985: 32). Hierdie media kan selfs buite die skool aangewend word, deur dit byvoorbeeld te vertoon aan diensorganisasies soos onder andere die Rapportryer- en Gideonsbewegings wat noue skakeling met die skool handhaaf (Wilson & Rossman, 1986: 709; Kindred et al., 1984: 255 e.v.).

### 3.5.4. Uitstallings

Uitstallings op die skoolterrein of op openbare plekke, waar onder andere projekte van die leerlinge uitgestal word. Hier sien die gemeenskap die leerlinge se werk as 'n verpersoonliking van die skool. Sinvolle kommunikasie met die gemeenskap geskied en 'n positiewe beeld van die skool word sodoende uitgedra (Kindred et al., 1984: 252 e.v.; Marx & Van Aswegen, 1983: 350).

### 3.5.5. Ondernemings en Tersiêre inrigtings

Voornemende werkgewers en tersiêre inrigtings kommunikeer dikwels met die skool met die eksplisiete doel om werkers vir hulle ondernemings te werf. Die kommunikasie geskied dikwels in die vorm van briewe, brosjures of uitnodigings om die onderneming of inrigting te besoek. Die uitsluitlike doel hier is werwing, maar terselfdertyd moet die skool die uitnodiging aanvaar om sodoende sy eksterne betrekkinge met die onderneming of inrigting te verstewig (Peach, 1985: 23; Marx & Van Aswegen, 1983: 350).

### 3.5.6. Gemeenskapsondersteuning

In die praktyk het Ouer-onderwysersverenigings, Beheerrade en T.A.O. hulle al bewys as organiserende liggame vir die hou van skoolkermisse, sportaangeleenthede of fondsinsamelingsveldtogte (De Langen, 1981: 83). Wanneer die gemeenskap en die skool dinge saam doen, word die eksterne betrekkingefunksie van die skool verstewig en ontstaan daar wedersydse vertroue, openhartigheid en meelewing in skoolse aangeleenthede (Van Schalkwyk, 1983: 82; Uys, 1983: 67).

Indien die skool die belangrikste skakelprosedures en -media wat tot sy beskikking is, suksesvol wil aanwend, moet daar sinvolle terugvoering wees.

## 3.6. TERUGVOERING

Vir geslaagde eksterne kommunikasie vanaf die ouer- of breë gemeenskap is terugvoering noodsaaklik. Die spesifieke inligting vanaf die skool na die gemeenskap is reeds in paragrawe 3.4.1, 3.4.2 en 3.4.3 geïdentifiseer, maar die vraag kan tereg gevra word hoe om effektiewe terugvoering te verkry?

Wat hier aangebied word, kan as riglyne vir effektiewe terugvoering beskou word:

* ŉ skeurstrokie kan onderaan ŉ omsendbrief aangebring word, waarop vrae beantwoord, wenke gegee kan word of ŉ blanko spasie gelaat kan word vir oop terugvoering
* uitnodigings kan aan ouers, spesifieke persone in die skoolgemeenskap of instansies gerig word om die skool op ŉ informele wyse te besoek en gedagtes te wissel oor die skool. Dit kan slegs lei tot positiewe terugvoering en ŉ verbetering van skool-gemeenskapsverhoudinge, en
* moontlik die beste metode is om goed gestruktureerde vraelyste op te stel wat periodiek deur die ouers en skoolgemeenskap voltooi moet word. Die inligting wat op hierdie wyse versamel word, lei tot doeltreffende bevordering van tweerigtingkommunikasie (Badenhorst, 1986: 47; Gorton, 1981: 372 e.v.; Bernard, 1981: 148).

## 3.7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die vernaamste kommunikasiemiddele wat tot die beskikking van die skool is te noem en kortliks toe te lig. Skakelpunte en -prosedures is geïdentifiseer en die nodige skakelmedia tot die beskikking van die skool is aangetoon. Vervolgens word in hoofstuk 4 gelet op die taak van die skoolhoof en die nodige voorwaardes vir die daarstelling van gesonder eksterne betrekkinge.

# HOOFSTUK IV

## DIE SKOOL SE AANDEEL IN DIE INISIëRING EN BEVORDERING VAN EKSTERNE BETREKKINGE

### 4.1. INLEIDING

Nadat aandag gegee is aan die verskilllende kommunikasiemiddele in die eksterne betrekkingeprogram, word vervolgens gelet op die skool se aandeel in die inisiëring en bevordering van eksterne betrekkinge.

Uit die voorafgaande bespreking in hoofstukke 2 en 3 het dit duidelik geword dat eksterne betrekkinge 'n opgawe van elke skool en spesifiek elke skoolhoof is. Dit bring mee dat die skoolhoof oor die nodige kennis en vaardighede hiertoe behoort te beskik, anders kan eksterne betrekkinge nie realiseer nie (Du Toit, 1986: 110).

Uiteraard moet daar dus wedersydse vertroue, agting en respek tussen die skoolhoof, personeel, leerlinge en ouergemeenskap heers en 'n skoolklimaat moet geskep word wat ondersteunend vir eksterne betrekkinge is. Tweerigtingkommunikasie wat die tersaaklike inligting aan al die betrokkenes deurgee, is onontbeerlik in die proses.

Indien die skool sou faal om die eksterne gemeenskap ten volle op hoogte te hou van die doelwitte, programme en probleme van die skool, tree stagnering in plaas van groei in. 'n Program ter bevordering van eksterne betrekkinge geskied nie oornag nie. Dit is 'n bestuursaangeleentheid wat sorgvuldige beplanning, bekwame implementering en deurvoering oor 'n tydperk van jare verg (Chamberlain & Kindred,. 1966: 395).

In hierdie hoofstuk word die fokus dus geplaas op veral die skoolhoof, onderwyser en leerling se aandeel in die bevordering van eksterne betrekkinge.

Om genoemde sake egter in perspektief te plaas sal daar eers heel kursories na die aard en wese van bestuur verwys word.

## 4.2. DIE AARD EN WESE VAN BESTUUR

In die literatuur word die belangrikheid van bestuur en die verskillende dissiplines daarvan voortdurend beklemtoon (De Witt, 1982: 52-61; Van Buuren, 1979: 127-139; Van der Westhuizen, 1986: 37 e.v.; De Wet, 1981: 39 e.v.). Juis daarom sal die behoefte aan doeltreffende bestuur in die toekoms steeds toeneem (Du Toit, 1986: 12). Ook die sukses waarmee mense saamwerk, om 'n gemeenskaplike doel te bereik, word hoofsaaklik bepaal deur mense in bestuursposisies (De Wet, 1981: 187).

Sergiovanni & Starratt (1979: 15) en De Wet (1981: 41) sien bestuur in die skool as 'n proses wat gebruik word deur persone wat verantwoordelik is vir een of ander aspek van die skooldoelwitte en wat direk aangewese is op ander om dié doelwitte te verwesenlik.

Dit word algemeen aanvaar dat goeie bestuur die sleutel tot die sukses van 'n organisasie is en daarom is dit van die uiterste belang dat almal in die skool sal besef hoekom 'n eksterne betrekkingeprogram noodsaaklik is en wat daardeur bereik kan word (Chamberlain & Kindred, 1966: 395).

## 4.3. EKSTERNE BETREKKINGE IS WESENLIK MENSEVERHOUDINGE

Eksterne betrekkinge en menseverhoudinge is interafhanklik en 'n grondige kennis van menseverhoudinge maak doeltreffende eksterne betrekkinge moontlik (Barkhuizen, 1982: 228). Daar moet dus 'n opregte strewe by die skoolhoof en personeel wees om die eksterne gemeenskap te bereik en gevoelig vir hul behoeftes en begeertes te wees. (Kyk 2.3.2 p. 13).

### 4.3.1. Die skoolhoof as inisieerder en bevorderaar van eksterne betrekkinge

> *"..... it is the headmaster more than anyone who has in his hands the power to influence the whole school community"* (Bassett, Crane & Walker, 1967: 77).

Aansluitend by bogenoemde het Potgieter (1972: 5) die betekenis van die skoolhoof as inisieerder en bevorderaar van eksterne betrekkinge duidelik geïllustreer, deur die onderstaande uitsprake:

* geen ander persoon het so 'n groot invloed op die skool as juis die skoolhoof nie, en
* wanneer die skoolhoof sy taak onsuksesvol hanteer, word dit gevoel in die ouerhuis, klaskamer en in die wandelgange van die skool.

Die skoolhoof oefen dus 'n beslissende invloed uit op die personeel, leerlinge en die skool in sy totaliteit.

Wanneer Gorton (1981: 172) hom in hierdie verband uitlaat oor menseverhoudinge meld hy tereg dat menseverhoudinge deur verskeie faktore beïnvloed word. By die uitvoering van sy bestuurstaak moet die skoolhoof dus uiteraard:

* sensitief wees vir die behoeftes van andere
* indien nodig die rede vir 'n sekere optrede verduidelik
* probeer om andere te betrek in besluite oor die skool
* oop wees vir kritiek en probeer om nie voortdurend op die verdediging te wees nie
* erken waar fouteer is en bereid wees om veranderinge aan te bring, en
* eerlik en regverdig wees in die interaksie met ander.

Voorts moet die skoolhoof se beplanning van eksterne betrekkinge realisties en uitvoerbaar wees. Mc Closkey (1960: 17 & 18) stel in hierdie opsig sewe stappe voor vir doeltreffende beplanning:

* Stel 'n gesonde eksterne kommunikasiebeleid daar wat ook die gemeenskap op hoogte hou met skoolse aangeleenthede.
* Bepaal by watter opvoedkundige dienste die leerlinge in die gemeenskap sal baat.
* Verkry inligting oor wat die gemeenskap weet en nie weet nie en wat hulle glo aangaande opvoedkundige waardes en behoeftes.
* Besluit watter feite en idees die gemeenskap op die beste wyse bewus sal maak van wat 'n goeie skool vir die kind inhou en watter verbeteringe dié voordele nog verder sal verhoog.

* Maak ten volle gebruik van verskillende metodes om begrip en waardering by die onderwyser en leerling aan te kweek.
* Weeg die koste van die onderrig op teen die opvoedkundige geleenthede wat vir die kind geskep word.
* Besluit wie sekere kommunikasietake op spesifieke tye gaan uitvoer en hoe dit gedoen gaan word.

As hulle hul uitlaat oor die implementering van die bestuursfunksies van die skoolhoof sluit Flippo & Munsinger (Basson, Niemann & Van der Westhuizen, 1986: 495) by bogenoemde sewe stappe aan en stel dan ook die onderstaande bestuursfunksies as ŉ voorvereiste:

* sterk en doelgerigte kommunikasie
* sterk besluitneming
* effektiewe probleemstelling
* sterk medemenslike verhoudinge, en
* sterk organisatoriese vermoëns.

Verder is dit ook waar dat die skoolhoof sentraal staan in die skepping van ŉ gesonde **skoolklimaat**. Sy leierskapstyl (hetsy demokraties, outokraties, burokraties, ensovoorts) is verder bepalend vir die tipe organisasieklimaat wat in die skool aangetref word. Chiselli (Basson, et al., 1986: 495) veronderstel die volgende eienskappe by die skoolhoof om ŉ gesonde skoolklimaat daar te stel:

* intelligensie
* inisiatief
* selfvertroue
* daadkrag, energie en entoesiasme, en
* vermoë tot samewerking.

Die skoolhoof moet dus poog om ŉ skoolklimaat te skep wat na openheid neig en wat die kenmerke besit van ŉ "gesonde" skool.

Om enigsins aan voornoemde sake beslag te gee moet die skoolhoof daarna trag om die rol van sleutelkommunikator te vervul.

#### 4.3.1.1. Die skoolhoof as sleutelkommunikator

In elke gemeenskap is daar sleutelkommunikeerders wat byvoorbeeld belang het in die stadsraad, in die kerkraad en so ook by die skool. Indien die man op straat bewus is van die skool se boodskap, dra hy dit in die gemeenskap uit (Armistead, 1982: 20). Daar behoort dus 'n wederkerige vloei van inligting te wees binne sowel as buite die skoolopset (Brazelle, 1979: 38).

Met bogenoemde in gedagte sou dit die skoolhoof as sleutelkommunikator loon om onderstaande hoofverantwoordelikhede wat hy as koördineerder en inisieerder van die eksterne betrekkingeprogram het, in gedagte te hou:

* ontwikkeling en instandhouding van doeltreffende kommunikasiekanale tussen die onderwysers in die skool
* koördinering van eksterne betrekkinge - aktiwiteite van al die personeel betrokke by eksterne betrekkinge
* voorsiening van die nodige middele wat die skoolgemeenskapsverhoudinge sal verstewig
* samewerking met eksterne groepe en organisasies wat 'n konstruktiewe belang het in die onderwys
* betrekking van die gemeenskap in die doen en late van die skool en in die oplos van onderwysprobleme, en
* dien as konsultant na die onderwysdepartement oor sake rakende betrekkinge met die gemeenskap (Orlosky, et al., 1984: 290).

Voorts vereis doeltreffende kommunikasie dat die skoolhoof oor sekere kommunikasievaardighede ten opsigte van taal, skryf, lees en liggaamstaal sal beskik (Bernard, 1981: 131). Wanneer die skoolhoof dus met sy topbestuur, personeellede, leerlinge en ouers in gesprek tree, moet dit op 'n intelligente wyse geskied, sodat hulle die hoof as 'n intelligente en intellektuele leier kan aanvaar (Uys, 1983: 22).

Bernard (1981: 134) sluit hierby aan en stel sekere voorwaardes aan die skoolhoof vir effektiewe skryfkommunikasie met die gemeenskap:

* stel die doelwit duidelik
* hou in gedagte aan wie geskryf word
* gebruik bekende woorde en uitdrukkings, en
* moenie tyd verkwis deur onbelangrike sake aan te raak nie.

Wanneer hul op hul beurt hul uitlaat oor mondelinge kommunikasie met die gemeenskap meld Bailard en Strang (Scholtz, 1973: 590 e.v.) tereg dat die skoolhoof en onderwyser op die onderstaande riglyne moet ag gee:

* wees te alle tye goedversorgd, en sorg dat 'n informele en vriendelike atmosfeer heers tydens gesprekvoering met die eksterne gemeenskap
* moet nie opvoedkundige taal gebruik teenoor leke nie
* wees te alle tye versigtig in opmerkings, sodat niks die skyn mag hê dat dit teen 'n spesifieke kind bedoel word nie, en
* die skoolhoof en onderwyser moet eerlik en opreg te kenne gee dat hulle trots is om aan die spesifieke skool en sy gemeenskap verbonde te wees.

In kommunikasie met die gemeenskap moet die skoolhoof voorts ook bewus wees van hul vergaderplekke en watter kanale (hetsy mondeling of skriftelik) die beste vir die uitruil van inligting gebruik kan word. Hier sal die skoolhoof inligting aangaande die verwagtinge wat die gemeenskap van die skool koester te wete kom en op hierdie plekke kan hy ook inligting rakende die skool beskikbaar stel (Barkhuizen, 1982: 196).

Om die skoolhoof te ondersteun in sy eksterne betrekkingefunksie, word die klem nou geplaas op die onderwyser, wie se aandeel beslis nie gering geskat kan word nie.

### 4.3.2. Die onderwyser en eksterne betrekkinge

Al is die bestuursleier ook hoe doeltreffend, is hy sonder 'n doeltreffende personeel tot niks in staat nie (Bernard, 1981: 86). Die skoolhoof moet dus oor die vermoë beskik om sy personeel te motiveer (De Wet, 1981: 188) en daarenteen rus op elke onderwyser die plig om vormend op sy skool en omgewing in te werk (Scholtz, 1973: 47).

Die persoonlike kontak van die onderwyser na buite bly steeds belangrik, aangesien hy die mees strategiese posisie vir die bevordering van eksterne betrekkinge beklee. Sy persoonlike kontak is juis met mede-onderwysers, leerlinge, ouers en die breë gemeenskap (Chamberlain & Kindred, 1966: 398). (Kyk 2.3.3 p. 14).

**4.3.2.1. Verhouding met mede-onderwysers**

Suksesvolle eksterne betrekkinge tussen onderwysers begin in die skool wanneer onderwysers konstruktief en in harmonie saamwerk. Indien dit nie gebeur nie, ondermyn dit die vertroue tussen die onderwysers en raak dit die reputasie en die beeld van die onderwysprofessie (Chamberlain & Kindred, 1966: 398).

Verder moet daar ook onthou word dat onetiese gedrag 'n oorsaak van tweedrag onder die personeel is. Dit mag die vorm aanneem van skinderpraatjies en beledigings wat weer op hul beurt lei tot destruktiewe kritiek in die gemeenskap (Chamberlain & Kindred, 1966: 399). Hierop moet beide skoolhoof en onderwyser by uitstek bedag wees.

**4.3.2.2. Verhouding met die leerling**

Die goeie gesindheid van die onderwyser teenoor die leerling begin gewoonlik in die klaskamer, waar die aanbieding van 'n goeie opvoedingsprogram 'n basiese vereiste is (Barkhuizen, 1982: 171).

Die optrede teenoor die leerling moet van so 'n aard wees, dat onderlinge verhoudinge verstewig en versterk word. Riglyne in dié verband is onder andere die volgende:

* beskou die kind as menswaardig en gee aandag aan hom as individu
* respekteer sy persoonlikheid en tree te alle tye redelik en regverdig teenoor hom op
* dissiplinêre probleme moet privaat bespreek word, op so 'n wyse dat dit die kind meer selfvertroue gee en nie sy status binne sy groep aantas nie, en
* 'n trots op sy skool moet by die kind aangekweek word en hy moet altyd voel dat hy deel van sy skool is (Kindred, et al., 1984: 115 e.v.).

Voorts is dit ook so dat positiewe betrekkinge met die leerling bewerkstellig word indien die onderwyser hom vriendelik behandel, sy regte as mens respekteer en belangstelling in sy welstand toon (Chamberlain & Kindred, 1966: 400).

Die leerling se aandeel in eksterne betrekkinge sal nou kortliks beklemtoon word.

### 4.3.3. Die leerling en eksterne betrekkinge

Chamberlain & Kindred (1966: 400) meld tereg dat positiewe betrekkinge by die leerling ontstaan teenoor die onderwyser wat hom:

* vriendelik behandel
* hoflik en beleefd teenoor hom is
* sy regte as mens respekteer, en
* belangstelling in sy welstand toon.

Die leerling neem die gedrag van die onderwyser waar binne sowel as buite die skool. Die leerling is sensitief oor hoe hy deur die onderwyser behandel en verstaan word en sy indrukke word daagliks deurgegee aan ander leerlinge, ouers en vriende in die gemeenskap (Gorton, 1981: 371; Chamberlain & Kindred, 1966: 400).

Die vernaamste interne groepe binne die skool se aandeel in eksterne betrekkinge is in oënskou geneem en daar sal nou aandag geskenk word aan enkele basiese riglyne ter verbetering van die skool se eksterne betrekkinge.

## 4.4. BASIESE RIGLYNE TER BEOVRDERING VAN EKSTERNE BETREKKINGE

Marx & Van Aswegen (1983: 351 e.v.) beskou die onderstaande riglyne as belangrik en noodsaaklik vir suksesvolle skakeling met die eksterne gemeenskap:

* Etiese beginsels moet gehandhaaf word, vermy oneerlikheid, selfsugtigheid, verdoeseling en verdraaiing van feite om mense se gevoelens op 'n onetiese wyse te beïnvloed. Eerlikheid voorkom dat die gemeenskap agterdogtig raak en dat allerlei riemtelegramme of skinderpraatjies ontstaan.

* 'n Goeie langtermynbeplanning en verstandhouding moet tussen die skool en die gemeenskap tot stand gebring en in stand gehou word. Indien die betrekkinge in die verlede vertroebel is, sal die gemeenskap nie oornag oorreed word om te verander nie.
* Die skool moet intern gesond wees. Geen skool kan 'n ander beeld na buite reflekteer as juis dit wat werklik intern bestaan nie. Indien die skool se filosofie, gesindheid, beleid en oogmerke ondersoek word, word verseker dat die skool se standpunte vir die gemeenskap aanvaarbaar sal wees.
* Foutiewe beriggewing en misverstande moet deur snelle besluitneming en optrede so gou as moontlik reggestel word.
* Stel die korrekte inligting op die regte tyd beskikbaar en voorkom só dat misverstande of wanopvattings oor die skool kan ontstaan.
* Wanneer suksesse of prestasies van die skool na buite bekend gemaak word, moet sake nie oordryf word nie. Daar moet ook nie oordrewe spoggerig opgetree word nie.

Armistead (1982: 25 e.v.) voeg die volgende riglyne by, maar hier moet elke skoolhoof noodwendig evalueer aan die hand van sy eie skool se spesifieke situasie:

* Verleen gratis toegang aan senior burgers byvoorbeeld tydens atletiekbyeenkomste, toneelaande en musiekkonserte.
* Die skoolhoof en personeel kan optree as sprekers tydens spesifieke geleenthede in die gemeenskap.
* Advertensieborde kan by die skool aangebring word waarop skoolaktiwiteite aan die gemeenskap bekend gestel word.
* Positiewe telefoonoproepe na die gemeenskap waartydens gelukwensing of waardering oorgedra word.
* Briewe van gelukwensing aan matrikulante nadat hulle hul eindeksamen suksesvol voltooi het. Terselfdertyd kan navraag gedoen word of hulle nog ondersteuners van die skool wil bly.
* Ontwerp 'n slagspreuk vir die skool - hoe korter des te beter (Orlosky, et al., 1984: 293).

Indien die skool die basiese riglyne ter ondersteuning van die skool se eksterne betrekkinge behoorlik uitvoer en 'n goed ingeligte skakelafdeling tot sy beskikking het, kan die nodige inligting rakende die skool na buite uitgedra word.

Die skoolhoof moet verder ook sorg dat veral die administratiewe personeel die skool en al sy aktiwiteite goed ken. Dit moet dus 'n gesamentlike poging van die hele skool wees, want elke persoon kan die beeld van die skool verbeter of verswak (Marx & Van Aswegen, 1983: 352).

'n Duidelike beeld van al die aspekte van die skoolprogram moet volgens Grinell (Barkhuizen, 1982: 214) die volgende eienskappe openbaar - dit is:

* bepland en omvattend
* eerlik
* positief, konstruktief en plooibaar
* verstaanbaar, dinamies en interessant
* 'n goedgebalanseerde en gesamentlike poging van die skool en die eksterne gemeenskap, en
* tydig, deurlopend en so ontwerp om almal in die gemeenskap te bereik.

Met bogenoemde in ag geneem sal die skool deur middel van sy eksterne betrekkingeprogram moontlik 'n positiewe gesindheid teenoor die skool in die gemeenskap ontwikkel.

Indien die skoolhoof, onderwyser en leerling werklik poog om 'n gesonde beeld van die skool daar te stel en alles in hul vermoë doen om die betrekkinge met die gemeenskap te verbeter, moet die program geëvalueer word, ten einde die geslaagdheid daarvan te bepaal.

## 4.5. EVALUERING VAN DIE EKSTERNE BETREKKINGEPROGRAM

'n Belangrike bestuursproses is dié van meting of evaluering, maar ongelukkig is dit dikwels ook iets waaraan sommige skoolhoofde min aandag gee.

Gorton (1981: 62) definieer evaluering as die versigtige, deeglike, objektiewe ondersoek van die individu, groep, produk of program, ten

einde die swak of sterk plekke te bepaal. Ook die skool se eksterne betrekkingeprogram moet periodiek en sistematies geëvalueer word ten einde die gemeenskap bewus te maak van die skool se kort- en langtermyndoelstellings. Alle aspekte van die skoolprogram moet dus geëvalueer word en op die wyse moet bepaal word watter gebreke aanwesig is, watter dele van die program nie meer suksevol is nie en watter verbeteringe aangebring kan word (Barkhuizen, 1982: 209).

Bainbridge (Gorton, 1981: 383) en Sigband (1959: 147) het die volgende kriteria neergelê, vir die evaluering van 'n eksterne betrekkingeproram se effektiwiteit:

* inligtingsdiens
* kurrikulum
* buite kurrikulêre aktiwiteite wat die gemeenskap raak
* kontak van die skool met die gemeenskap
* gebruik van skoolgeboue en toerusting deur die gemeenskap, en
* evaluering van die eksterne betrekkingeprogram en die resultate daarvan.

Die skool se eksterne betrekkingeprogram moet dus voortdurend geëvalueer en opgegradeer word, hetsy onder andere deur die invul van vraelyste, persoonlike gesprekke of telefoniese onderhoude. Effektiewe kommunikasie tussen al die betrokkenes is in die proses uiters noodsaaklik (Kindred et al., 1984: 313).

## 4.6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar riglyne neergelê vir die skoolhoof, onderwyser en leerling ten opsigte van eksterne betrekkinge en hul aandeel daarin om die betrekkinge te bevorder. Daar is daarop gewys dat die hoofverantwoordelikheid veral by die skoolhoof lê om gesonde verhoudings met die eksterne gemeenskap te inisieer en te bevorder. Die skoolhoof, onderwyser, leerling en die gemeenskap is gesamentlik daarvoor verantwoordelik om 'n klimaat by die skool tot stand te bring wat betrekkinge sal verbeter en die beeld van die skool sal uitbou.

Die implementering van so ŉ eksterne betrekkingeprogram sal van skool tot skool verskil en daarom is slegs riglyne neergelê en nie gedetailleerde inhoud nie.

In die volgende hoofstuk sal ŉ samevatting gegee word en enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

# HOOFSTUK V

## SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 5.1. INLEIDING

Hierdie ondersoek het as onderwerp die skool en eksterne betrekkinge. Die primêre doel was dus om te bepaal wat die taak van die skool in hierdie proses is, hoe die beeld van die skool positief uitgebou kan word, en watter rol die onderwyser, leerling en gemeenskap daarin speel.

### 5.2. SAMEVATTING

In **hoofstuk 1** is daar aangetoon dat die skool ŉ organisasie is en oor al die basiese kenmerke beskik wat eie is aan organisasies. Voorts is daarop gewys dat die skool en die gemeenskap gemoeid is met die beeldbou van die skool. Juis daarom is aangetoon dat die skool na buite moet beweeg om ŉ suksesvolle program van eksterne betrekkinge daar te stel. Aansluitend hierby is daarop gewys dat die skool in sy bestuursfunksie, nie die eksterne betrekkingefunksie kan negeer nie.

Soos reeds in 5.1 aangedui, was die doel van die ondersoek om die taak van die skool in sy eksterne betrekkingefunksie te ondersoek. In dié verband is daar dus hoofsaaklik gekonsentreer op dit wat in hierdie verband in ŉ aantal geselekteerde bronne vermeld is.

In **hoofstuk 2** is aandag gegee aan die wese van eksterne betrekkinge en die aard van die beeld wat na buite gereflekteer moet word. In besonder is aandag gegee aan die skoolhoof, onderwyser, leerling en ouer se aandeel om ŉ klimaat daar te stel wat bevorderlik is vir eksterne betrekkinge. Aandag is ook gegee aan enkele faktore wat eksterne betrekkinge kan bevorder.

In **hoofstuk 3** is meer in die besonder gekyk na die behoefte van die skool om met die eksterne gemeenskap te kommunikeer. Nadat vasgestel is dat daar ŉ wedersydse behoefte aan kommunikasie bestaan, is ver= volgens gelet op die skakelpunte en skakelprosedures tot die beskikking

van die skool in sy eksterne betrekkingeprogram. Die sukses of mislukking van die kommunikasie tussen die skool en die gemeenskap word deur alle betrokkenes in die proses ervaar en na buite geprojekteer. Daarom moet die skool alles in die stryd werp en van die nodige middele tot sy beskikking gebruik maak, om positiewe betrekkinge met die gemeenskap aan te knoop en in stand te hou.

Met bogenoemde in gedagte is daar in **hoofstuk 4** aandag gegee aan veral die skoolhoof se aandeel in die inisiëring en bevordering van eksterne betrekkinge. Ook die onderwyser en leerling se rol ten opsigte van eksterne betrekkinge is kortliks bespreek. Die ondersoek het aangetoon dat goeie interne betrekkinge in die skool tussen die skoolhoof, onderwyser en leerling kan bydra tot beter verhoudinge met die eksterne gemeenskap. Daarna is baie kursories gelet op enkele riglyne wat eksterne betrekkinge moontlik kan bevorder. Die belangrikheid dat die eksterne betrekkingeprogram geëvalueer moet word om suksevol te wees is voorts ook beklemtoon.

## 5.3. BEVINDINGE

Daar is in die loop van hierdie studie tot die gevolgtrekkings met betrekking tot die verbetering van eksterne betrekkinge tussen skool en gemeenskap gekom:

* Die ondersoek het aangetoon dat eksterne betrekkinge inderdaad 'n bestuursfunksie van die skool is. Primêr gaan dit dus om die beeld van die skool positief uit te bou.
* Eksterne betrekkinge kom nie vanself tot stand nie. Dit verg harde werk van beide skool en gemeenskap om gesonde betrekkinge daar te stel en in stand te hou.
* Effektiewe eksterne kommunikasie, onder andere deur nuusbriewe en persoonlike kontak is 'n proses wat doelbewus beplan en in stand gehou moet word.
* Die skoolhoof as bestuursleier is die belangrikste skakel in die beplanning, implementering en toepassing van die eksterne betrekkingeprogram. Die skoolhoof moet tesame met die personeel en die leerlinge gesonde interne verhoudinge daarstel, wat weer sal lei tot goeie samewerking tussen die skool en die gemeenskap. Die skoolhoof moet dus toesien

dat daar strukture in die skoolbestuur ingebou word, om kontinue eksterne betrekkinge van die skool te verseker.

## 5.4. AANBEVELINGS

Die onderhawige studie het getoon dat daar beslis leemtes bestaan ten opsigte van die skool se eksterne betrekkinge met die gemeenskap en in onderwysbestuursopset. In die lig van die ondersoek en die bevindinge word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:

* Dat empiriese navorsing gedoen word na wyses waarop die skool en die gemeenskap bewus gemaak kan word van die belangrikheid van eksterne betrekkinge sodat die beeld van die formele onderwys steeds uitgebou kan word.
* Die onderwyser word in sy opleiding nie werklik toegrus om met volwassenes om te gaan nie. Deskundige leiding, soos onder andere verskaf aan tersiêre inrigtings, waar die gemeenskap se onderwysers opgelei word, is beslis hiervoor nodig. Voorts moet skoolhoofde die belangrikheid van eksterne kommunikasie voortdurend beklemtoon en onder die aandag van die personeel bring. Die eksterne betrekkingefunksie moet dus 'n deel van die skoolbeleid vorm.
* Die gemeenskap en spesifiek die ouergemeenskap moet geskool word om samewerkingsvaardig te word en metodes moet gevind word wat sal lei tot die verbetering van ouersamewerking in die onderwys.
* Skoolhoofde moet meer betrek word by onder andere onderwyssimposia en verrykingskursusse waar die verwerwing van insig en die vaardigheid met betrekking tot die eksterne betrekkingefunksie voortdurend beklemtoon word. Die skoolhoof moet op sy beurt ook doelbewus daaraan werk om 'n oop en gesonde klimaat daar te stel waarin ondersteunende verhoudinge kan gedy. Die skoolhoof moet dus die belangrikheid van skakeling met gemeenskapsleiers besef en hy moet toesien dat die skool by gemeenskapsprojekte betrokke raak.

## 5.5. SLOTWOORD

Hierdie studie was nodig aangesien die skool en die gemeenskap 'n onlosmaaklike belang het by die formele onderwys. Onderlinge vertroue tussen die skool en die gemeenskap kan alleen tot stand gebring word op grond van die beeld wat wedersyds bestaan. Die skool en die gemeenskap sal dus moet saamwerk om in die steeds toenemende behoeftes wat aan die onderwys gestel word te voldoen. Daar word die hoop uitgespreek dat optredes wat die beeld van die onderwys kan skaad tot die minimum beperk of uitgeskakel sal word, sodat eksterne betrekkinge in die toekoms tussen alle betrokkenes in die skool sal verstewig.

## BIBLIOGRAFIE


ANDERSON, L.W. & VAN DYKE, L.A. 1963: School administration. Boston: Houghton Mifflin Company.

ARMISTEAD, L. 1982: Building confidence in education. Reston: NASSP.

BADENHORST, D.C. 1986: Skoolbestuur: die rol en taak van die onderwyser. Pretoria: HAUM.

BARKHUIZEN, J.N.W. 1982: Die skoolhoof se taak by doeltreffende kommunikasie tussen die skool en ouergemeenskap ter bevordering van die opvoedingsvennootskap. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (M.Ed-proefskrif).

BARNARD, M.C. 1981: Kommunikasie tussen ouer en skool (hoof). Die Unie, 77(12), Junie 1981: 297-299.

BARNARD, M.C. 1986(a): Die skoolhoof en die ouer. Die Vrystaatse Onderwyser, Deel 76(1), Jan. 1986: 9-14.

BARNARD, S.S. 1986(b): Die samehang tussen onderwysbestuur en skoolgemeenskapsverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C. red: Onderwysbestuur: grondslae en riglyne). Pretoria: HAUM.

BASSETT, G.W., CRANE, A.R. & WALKER, W.G. 1967: Headmasters for better schools. St. Lucia, Queensland: University of Queensland Press.

BASSON, C. J. J., NIEMANN, G.S. & VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1986: Organisasieleer. (In Van der Westhuizen, P.C. red: Onderwysbestuur: grondslae en riglyne). Pretoria: HAUM.

BERGER, E.H. 1981: Parents as partners in education: the school and home working together. Toronto: The C.V. Mosley Company.

BERNARD, P.B. 1981: Onderwysbestuur en onderwysleiding. Pretoria: Butterworth.

BOTHA, J.L. 1983: Skoolvernuwing: 'n bestuurstaak van die skoolhoof. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

BRAZELLE, R.R. 1979: Onderwysleierskap en kommunikasie, NOU-blad, 10(1), Maart 1979: 30-39.

CHAMBERLAIN, L.M. & KINDRED, L.W. 1966: The teacher and school organization. London: Prentice-Hall. Inc.

CLAASSENS, H.J. 1984: Die professionele status van die onderwyser in die gemeenskap en in die onderwysbestuuropset. Johannesburg: RAU (M.Ed-verhandeling).

DEKKER, E.I. 1986: Ouerreg, ouermedeseggenskap en ouersamewerking in die formele onderwys van die Wes-Duitse Länder: algemene riglyne vir ouerbetrokkenheid in die onderwys. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (D.Ed-verhandeling).

DE LANGEN, G.E. 1981: Die organisatoriese knooppunt tussen skool en huis - 'n herbesinning. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (M.Ed-verhandeling).

DE WET, P.R. 1981: Inleiding tot onderwysbestuur. Johannesburg: Lex Patria.

DE WITT, J.T. 1982: 'n Onderwysbestuursimperatief wat nie straffeloos negeer kan word nie - die skoolhoof se rol in onderwysbestuur onder die loep. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 2(1/2), 1982: 52 - 61.

DU TOIT, T.A. 1986: Aspekte van effektiewe skoolbestuur. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

DUVENHAGE, S. 1983: Christelike ouervereniging: (In Venster op die onderwys. Instituut vir Reformatoriese studie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

GORTON, R.A. 1981: School administration - challenge and opportunity for leadership. Fifth printing. Dubuque, Iowa: Wm. C. Brown Company.

IDENBURG, Ph.J. 1971: Theorie van het onderwijsbeleid. Groningen: Wolters.

JANSE VAN VUUREN, R.J. 1984: Die onderwyser as beeldbouer van die formele onderwys. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

KINDRED, L.W., BAGIN, D. & GALLAGHER, D.R. 1984: The school and community relations. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

LANDMAN, W.A. 1974: Leesboek vir die christenopvoeder. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

MAREE, M.O. 1985: Ouerbetrokkenheid, Educa: 7 - 9 November 1985.

MARX, F.W. & VAN ASWEGEN, P.J. 1983: Die bedryfsekonomie: 'n kort oorsig. Pretoria: HAUM.

MC CLOSKEY, G. 1960: Planning the public relations program. National Education Association Journal, 49(2), February 1960: 17 - 18.

ORLOSKY, D.E., MC CLEARY, L.E., SHAPIRO, A. & WEBB, L.D. 1984: Educational administration today. London: Charles E. Merrill Publishing Company.

PEACH, F.G. 1985: Eksterne kommunikasie: 'n bestuurstaak van die skoolhoof. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

POTGIETER, D.G. 1972: Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die christelike Afrikaanse skool. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (D.Ed-proefskrif).

REEVES, A.W. MELSNESS, H.C. & CHEAL, J.E. 1962: Educational administration: the role of the teacher. Toronto: The McMillan Company of Canada Limited.

REYNDERS, H.J.J. 1977: Die taak van die bedryfsleier - insonderheid die organisatoriese kant daarvan. Pretoria: J.L. van Schaik.

SHOEMAN, P.G. 1983: Wysgerige pedagogiek, Pretoria: Sacum, Bpk.

SCHOLTZ, I.P. 1973: Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys soos geïmplementeer in 'n tipiese voorstedelike primêre skool in Transvaal. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (M.Ed-verhandeling).

SERGIOVANNI, T.J. & STARRATT, R.J. 1979: Supervision human perspectives. New York: Mc Graw-HIll.

SIGBAND, N.B. 1959: Communication: Key to effective home - school relations. The High School Journal, February, 1959: 146 - 150.

SUID- AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(a): Riglyne vir gebruik deur statutêre ouerliggame. Pretoria: SAOR.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(b): Handleiding. Pretoria. SAOR.

UYS, C.P. 1983: Die bestuur van verhoudings in die topstruktuur van die skool. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

VAN BUUREN, H.J. 1979: Kommunikasie in die bestuursrol van die skoolhoof. Johannesburg. RAU (M.Ed-verhandeling).

VAN DER STOEP, F. 1982: Wat is wesenlik van die RGN-ondersoek na die Onderwys? Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 22(1), Maart 1982: 15 - 30.

VAN DER WALT, J.L. 1985: Die skool op die markplein. (In Venster op die onderwys. Instituut vir Reformatoriese Studie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VAN DER WETSHUIZEN, P.C. red. 1986: Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981: Fokus op die onderwysstelsel. Durban: Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983: Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

WILSON, L. & ROSSMAN, G.B. 1986: Collaborative links with the community: lessons from exemplary secondary schools. Phi Delta Kappan, Volume 67, No. 10, June 1986: 709 - 711.

POTGIETER, D.G. 1972: Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die christelike Afrikaanse skool. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (D.Ed-proefskrif).

REEVES, A.W. MELSNESS, H.C. & CHEAL, J.E. 1962: Educational administration: the role of the teacher. Toronto: The McMillan Company of Canada Limited.

REYNDERS, H.J.J. 1977: Die taak van die bedryfsleier - insonderheid die organisatoriese kant daarvan. Pretoria: J.L. van Schaik.

SHOEMAN, P.G. 1983: Wysgerige pedagogiek, Pretoria: Sacum, Bpk.

SCHOLTZ, I.P. 1973: Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys soos geïmplementeer in 'n tipiese voorstedelike primêre skool in Transvaal. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (M.Ed-verhandeling).

SERGIOVANNI, T.J. & STARRATT, R.J. 1979: Supervision human perspectives. New York: Mc Graw-HIll.

SIGBAND, N.B. 1959: Communication: Key to effective home - school relations. The High School Journal, February, 1959: 146 - 150.

SUID- AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(a): Riglyne vir gebruik deur statutêre ouerliggame. Pretoria: SAOR.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(b): Handleiding. Pretoria. SAOR.

UYS, C.P. 1983: Die bestuur van verhoudings in die topstruktuur van die skool. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

VAN BUUREN, H.J. 1979: Kommunikasie in die bestuursrol van die skoolhoof. Johannesburg. RAU (M.Ed-verhandeling).

VAN DER STOEP, F. 1982: Wat is wesenlik van die RGN-ondersoek na die Onderwys? Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 22(1), Maart 1982: 15 - 30.

VAN DER WALT, J.L. 1985: Die skool op die markplein. (In Venster op die onderwys. Instituut vir Reformatoriese Studie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VAN DER WETSHUIZEN, P.C. red. 1986: Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981: Fokus op die onderwysstelsel. Durban: Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983: Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

WILSON, L. & ROSSMAN, G.B. 1986: Collaborative links with the community: lessons from exemplary secondary schools. Phi Delta Kappan, Volume 67, No. 10, June 1986: 709 - 711.

POTGIETER, D.G. 1972: Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die christelike Afrikaanse skool. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (D.Ed-proefskrif).

REEVES, A.W. MELSNESS, H.C. & CHEAL, J.E. 1962: Educational administration: the role of the teacher. Toronto: The McMillan Company of Canada Limited.

REYNDERS, H.J.J. 1977: Die taak van die bedryfsleier - insonderheid die organisatoriese kant daarvan. Pretoria: J.L. van Schaik.

SHOEMAN, P.G. 1983: Wysgerige pedagogiek, Pretoria: Sacum, Bpk.

SCHOLTZ, I.P. 1973: Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys soos geïmplementeer in 'n tipiese voorstedelike primêre skool in Transvaal. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O. (M.Ed-verhandeling).

SERGIOVANNI, T.J. & STARRATT, R.J. 1979: Supervision human perspectives. New York: Mc Graw-HIll.

SIGBAND, N.B. 1959: Communication: Key to effective home - school relations. <u>The High School Journal</u>, February, 1959: 146 - 150.

SUID- AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(a): Riglyne vir gebruik deur statutêre ouerliggame. Pretoria: SAOR.

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES. 1983(b): Handleiding. Pretoria. SAOR.

UYS, C.P. 1983: Die bestuur van verhoudings in die topstruktuur van die skool. Johannesburg: RAU (M.Ed-skripsie).

VAN BUUREN, H.J. 1979: Kommunikasie in die bestuursrol van die skoolhoof. Johannesburg. RAU (M.Ed-verhandeling).

VAN DER STOEP, F. 1982: Wat is wesenlik van die RGN-ondersoek na die Onderwys? <u>Tydskrif vir Geesteswetenskappe</u>, 22(1), Maart 1982: 15 - 30.

VAN DER WALT, J.L. 1985: Die skool op die markplein. (<u>In</u> Venster op die onderwys. Instituut vir Reformatoriese Studie). Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

VAN DER WETSHUIZEN, P.C. <u>red</u>. 1986: Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981: Fokus op die onderwysstelsel. Durban: Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983: Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

WILSON, L. & ROSSMAN, G.B. 1986: Collaborative links with the community: lessons from exemplary secondary schools. <u>Phi Delta Kappan</u>, Volume 67, No. 10, June 1986: 709 - 711.